

Koringfokus

Wheat focus

VOL 40-2

MARCH • APRIL 2022



**Kies hierdie
seisoen se
kultivars**

**THE FALLING
NUMBER TEST**

Oesskatting: Meer koring, minder kwaliteit

Jou optimale besproeiingsoplossing vir 2022

Daar is nie slegs één wenresep nie. By Agrico ontwerp ons 'n pasgemaakte besproeiingsoplossing om jou boerdery doelwitte te bereik. Ons gebruik die beste komponente en tegnologie, verskaf die regte stelsel vir jou situasie, en verseker sodoende die optimale gebruik van jou kapitaal, water en energie. Die Agrico-span is toegewy aan jou behoeftes en altyd beskikbaar om jou te ondersteun.



AGRICO
Meer as 100 jaar van diens



Koringfokus

Wheat focus

VOL 40-2

MARCH • APRIL 2022

REEDS 40 JAAR DIE ONAFHANKLIKE SPESIALIS-TYDSKRIF VIR DIE KLEINGRAANBEDRYF

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE FOR
THE SMALL GRAIN INDUSTRY FOR THE PAST 40 YEARS

VOORBLAD

Volgens SAGIS is 197,7 miljoen brode per maand of 45,6 miljoen brode per week in die afgelope drie maande gebak. In Desember 2021 was witbrood 1,64% duurder as 'n jaar gelede en bruinbrood was 1,20% goedkoper as 'n jaar gelede.

Koringfokus / Wheat Focus

verskyn ses keer per jaar en word in samewerking met die koringbedryf saamgestel, wat insluit: LNR-Kleingraan; SA Graainligtingsdiens & SA Graanlaboratorium.

Gratis beskikbaar aan bona fide-kleingraanprodusente

AGRI-INFO

- 4 Ons groet Nico Hawkins van SAGIS
- 5 Nuwe hoof by SAGIS se inligtingsafdeling
- 5 Nog 'n landbouleier vertrek
- 7 Meer koring maar laer kwaliteit verwag
- 13 Australian barley adds value to SA's malting and brewing industries
- 13 Insurer donates R100 000 towards fighting locust plagues
- 17 Promosie: Die Agrico HSD630: 'n hoëspoeddiss in 'n klas van sy eie
- 29 Verkope van landboumasjinerie kan afneem
- 35 Delivery of wheat from the Baltic countries approved by JSE
- 35 Industry warns against new regulatory approach
- 36 Promosie: Duett® Star-swamddoder vir siektebeheer in kleingraan
- 38 Fire insurance: An investment in a sustainable farming future



8

Falling number



Uitgewer en eienaar

Adres vir redaksionele kopie,
advertensies en intekenare:

Mediakom
Posbus 20250
Noordbrug
2552

Tel: 018 293 0622

E-pos: info@mediakom.co.za
www.mediakomcc.co.za

REDAKTEUR: Willie Louw

ADVERTENSIES: Jana Greenall
011 476 3702 / 082 780 9914

UITLEG: Mercia Venter
- studio.chatnoir@gmail.com

KOPIEREG EN STANDPUNTE

© Kopiereg / Copyright: Ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr 98 van 1978 en enige wysigings word alle regte voorbehou. Standpunte en aansprake in advertensies en artikels word nie noodwendig deur Mediakom Bk en enige medewerkers / deelnemende instansies onderskryf nie. Regstellings word net oorweeg indien 'n tipografiese fout die bemarkingswaarde van 'n advertensie/promosie verminder.

SMALL GRAINS

- 8 The falling number test in the baking context



10-25

Kultivarkeuse

CULTIVARS

- 10 Promosie: Quartz bevestig sy topposisie in die kanola-bedryf
- 15 Wisselvallige somergraan en grondvog verhoog vraag na koringsaad
- 21 Haal die kopkrap uit kultivarbesluite
- 25 Promosie: Limagrain Zaad South Africa – die koringkoning



29

Masjinerieverkope

MARKET-INFO

- 28 SAGIS: Koring, gars, hawer en kanola se marksituasie
- 30 Sóveel produkte uit koring vervaardig

Ons groet Nico Hawkins van SAGIS

Mense wat voorheen die woorde "SAGIS is net die donkie" gehoor het, sal weet dit was 'n gesegde van die boerseun van die Waterberg wat die afgelope tien jaar hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Graaininligtingsdiens (SAGIS) was. Nico Hawkins het einde Februarie 2022 uit dié pos afgetree.

Mariana Purnell

MEDEWERKER

Met 'n voorliefde vir ekonomie en markontleding het Nico Hawkins homself verdiep in die wêreld van SAGIS waar beplanning, asook die inwin en ontleding van data oor graan en oliesade, so uiters belangrik is. Sukses het voortgevloei uit sy behoefte om 'n puik diens aan die graanbedryf te lewer.

Mnr Hawkins het die afgelope tien jaar baie veranderinge en verbeterings teweeggebring. Die man wat verkies om agter die skerms te werk het sy persoonlike stempel op die organisasie afgedruk deur sy lewensfilosofie van voortdurende verbetering deur idees, beste praktyk en vindingrykheid uit te leef. Onder sy bekwame leiding het die instansie alombekend geword as die mees betroubare bron van graainligting met integriteit, wat ook só deur die International Grains Council (IGC) aangeprys word.

Vir mnr Hawkins is dit belangrik om verwarring uit te skakel sodat rolspelers binne en buite die bedryf verstaan wat die verskil is tussen SAGIS en die Oesskattingskomitee. Die hoofdoelwitte van SAGIS is die samestelling, verwerking en ontleding van markinligting met betrekking tot die werklike levering van graan en oliesade op die plaaslike mark, insluitend in- en uitvoer. Die Oesskattingskomitee, daarenteen, beraam jaarliks die aanplanting van graan en oliesade en voer dan maandeliks moniteringsaksies uit om hierdie syfers waar nodig aan te pas.

Min mense verstaan dat SAGIS slegs die opdragte uitvoer wat deur die bedryf versoek word via die onderskeie stuurkomitees, mits dit deur die spesifieke befondser ondersteun word, hetsy die Mielietrust, Sorghumtrust, Suid-Afrikaanse Wintergraanbedryfstrust of Olie- en Proteïnsade-ontwikkelingstrust. SAGIS onderneem nie navorsing op eie inisiatief nie.

Mnr Hawkins is die afgelope 43 jaar in landbou betrokke, waarvan 39 jaar in die graanbedryf. Met 'n honneursgraad in landbou-ekonomiese het hy in 1983 by die eertydse Suid-Afri-

kaanse Landbou-unie se bedryfsafdeling aangesluit. In 1989 word hy bestuurder van die Wintergraanprodusente-organisasie en was daarna 12 in diens van Graan SA.

Jannie de Villiers, voormalige hoofbestuurder van Graan SA, bestempel hom as 'n diensknege van die bedryf. Tydens die pasafgelope kongres van Graan SA het die organisasie 'n oorkonde aan mnr Hawkins oorhandig uit erkenning en waardering vir sy diens.

Een van die grootste omwentelinge wat hy meegebring het, was die deregulering deur die nuwe Bemarkingswet van 1996 toe landboubemarkingsrade afgeskaf is. Mnr Hawkins was ten nouste betrokke by die skep van 'n produksie- en bemarkingsomgewingstelsel wat alle markdeelnemers sou voordeel. Dit is dus geen verrassing dat sy mentor ten opsigte van kundigheid dr Kit le Clus was nie, 'n man wat self diep spore in die landbou en graanbedryf in die land getrap het.

Mnr Hawkins was ook betrokke by die totstandkoming van SAGIS tydens die oorgangstydperk en het 'n magdom institutionele kennis opgebou. Gevolglik is hy 'n betroubare bron van historiese inligting rakende die graanbedryf.

Die talte verpligte vergaderings was nie iets waarvan mnr Hawkins baie gehou het nie. Hoewel hy die samesyn en debat gaan mis, waardeer hy nie altyd 'n twis tussen skakels in die landbouketting nie. Vir hom is dit oorlog wanneer mense van mekaar verskil en in gevegte persoonlik aangevat word.

Mnr Hawkins bly lief vir die Bosveld en veral die Waterberg waar sy familie destyds as gevolg van onteiening hul familieplaas verloor het. Pretoria gaan egter steeds as basis dien vir die vele beplande plaaslike reise. Hy en sy vrou Lorraine se twee seuns woon naby.

Mnr Hawkins het reeds vyf Comrades-marathons op sy kerfstok en wil op 66-jarige ouerdom die laaste een saam met sy een seun hardloop. Ander stokperdjies sluit in huisvlyt, instandhouding en take rondom die huis. Hy het 'n groot liefde vir kosmaak en veral vleisbraai. ¶



Sommige gaste by Nico Hawkins se afskeid as hoofbestuurder van SAGIS. Hulle is dr André van der Vyver (SACOTA), dr Erhard Briedenhann (voorsitter van SAGIS se direksie), Bernard Schultz (nuwe hoofbestuurder van SAGIS), Nico en dr Ferdi Meyer (BFAP).

Nuwe hoof by SAGIS se inligtingsafdeling

Mariana Purnell

MEDEWERKER



Neo Masango

Neo Masango is aangestel as die nuwe hoof van die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) se inligtingsafdeling. Sy beklee die pos van 1 Maart 2022 af. Me Masango volg Bernard Schultz op wat as hoofbestuurder van SAGIS aangestel is.

SAGIS se inligtingsafdeling is verantwoordelik vir die byhou van inligting oor die beweging van die onderskeie grane en oliesade in Suid-Afrika tussen die rolspelers, soos plase, graanopbergers, verwerkers en vervaardigers van graanprodukte, eindgebruikers van graan, in- en uitvoerders van graan, asook om graanverwante inligting van eksterne bronne af te kry.

Me Masango lei 'n span van drie kontroleurs en vyftien inligtingverwerskers. Sy het nog altyd haar span se sukses beskou as 'n maatstaf van uitdagings vir leierskap, bestuur en mentorskap. Sy is tans 'n inligtingskontroleur en reeds 15 jaar in diens by SAGIS. Oor hierdie tydperk het sy deur verskeie poste gegroei en diepliggende kennis opgebou van die verskillende aspekte van SAGIS se take. Sy is veral opgewonde om die leer-en ontwikkelingsgeleenthede van die nuwe pos aan te gryp.

Met verskeie kwalifikasies agter haar naam, het me Masango wye kundigheid opgebou. Sy beskik oor 'n diploma in Toesighoudende Bestuur (*cum laude*), 'n BA-graad in Ondernemingsbestuur asook 'n kursus in Openbare Betrekkinge. Sy is sewe tale magtig - Engels, Afrikaans, Setswana, Noord- en Suid-Sotho, Zulu en Xitsonga.

Me Masango en haar man, 'n mediese tegnoloog, is reeds vyftien jaar getroud. Hy reis baie na die buurlande as 'n laboratorium- gehalteversekeringsbestuurder. Hulle is ouers van 'n dogter in matriek en 'n tienjarige seun. ♀



Leon du Plessis

Mariana Purnell

MEDEWERKER

In die afgelope jaar was daar verskeie beduidende veranderinge in die graan- en breër landboubedryf. Die jongste verwikkeling wat 'n uitwerking gaan hê op die graanwaardeketting soos betrokkenes dit leer ken het, is die vertrek van Leon du Plessis wat L&L Landboudienste in 1997 gestig het.

Dié bekende bestuurskonsultant verlaat nie net die maatskappy nie, maar hy en sy hele familie van solopreneurs het besluit om Suid-Afrika vroeg in Maart 2022 vaarwel te roep om hulle in Portugal te gaan vestig.


L&L Landboudienste werk nou saam met hul kliënte in die landbou- en landbouverwante bedrywe om deurlopende bestuurs-, finansiële en sekretariële ondersteuning te verskaf. Baie landbou- en verwante entiteite in Suid-Afrika sal sy onafhanklike en objektiewe dienste mis. Alles is egter nie verlore nie - sy kennis en institusionele geheue sal steeds beskikbaar wees om te benut. Volgens mmr Du Plessis sal hy as meerderheidsaandeelhouer steeds beskikbaar bly om ondersteuning aan die nuwe deeleienaars van L&L Landboudienste te bied. Hy sê COVID het mense geleer dat afstand nie meer verhoudings beïnvloed nie en dat dit maklik genoeg sal wees om kontak te hou.

L&L Landboudienste sal voortgaan met sy omvattende ondersteuning aan die Mielieforum en die Koringforum en die stuurkomitees van hierdie forums, asook die Mielietrust, Sorghumtrust, Sasol Landboutrust, Suid-Afrikaanse Kultivar-en Tegnologie-agentskap (SACTA) en die Buro vir Voedsel-en Landboubeleid (BFAP).

Die nuwe uitvoerende hoof by L&L Landboudienste is me Beatrix de Witt. ♀

Nog 'n landbouleier vertrek

5



Goed begin is half gewin

'n Kelpak in-voor saadbehandeling met opvolg Kelpak blaarsuite, lever nie net beter plant- en grondgesondheid met abiotiese stres weerstand nie, maar ook uitstekende opbrengs verhogings.



kelpak.com

My Farm Our Future

SCAN TO
WATCH THE
FULL STORY

[HTTPS://BIT.LY/39AB08S](https://bit.ly/39AB08S)



Quelex™ 200 WG

Arylex® active

HERBICIDE

ARYLEX® ACTIVE IS AN INNOVATIVE GROWTH REGULATOR HERBICIDE

Quelex™ 200 WG controls broadleaf weeds by disrupting the normal plant growth patterns and/or by inhibiting production of the enzyme essential for production of normal plant growth.

[f CortevaZA on Facebook](#) [t CortevaAME on Twitter](#) [i @Corteva on Instagram](#)

FOR MORE INFORMATION CONTACT THE REGISTRATION HOLDER: Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd Reg. No. 1967/007147/07 • Paarl +27 (0) 21 860 3620
Centurion +27 (0) 12 683 5700 • Local Emergency No +27 (0) 82 895 0621 (SA only) • 24 Hour Emergency No +32 3 575 5555 • Maxwell Office Park, Magwa Building, Ground Floor,
Magwa Crescent, Waterfall City, Midrand, 1686, South Africa.

ALWAYS USE AS PER LABEL RECOMMENDATION • Quelex™ 200 WG contains Arylex® (halaxifén-méthyl) and florasulam (Caution) | Reg. No. L10759 | Act No. 36 of 1947 • ™ ® Trademarks of Corteva Agriscience and its affiliated companies. © 2021 Corteva.

Meer koring maar laer kwaliteit verwag

In die departement van landbou se finale produksieskatting van 2021 se wintergraan, is die verwagte produksie van koring en kanola tot rekordhoeveelhede verhoog. In koring se geval word die grootste oes sedert 2002 verwag en by kanola die grootste oes wat nog in Suid-Afrika geproduseer is.

Die nasionale oesskattingskomitee se oppervlak en finale produksieskatting van wintergewasse in die 2021-seisoen is 28 Februarie 2022 uitgereik. In teenstelling met koring se rekordproduksie, word laer kwaliteit verwag weens reëntoestande in oestyd.

Koring se verwagte produksie beloop 2 257 miljoen ton teenoor 2002 se rekordhoeveelheid van 2,43 miljoen ton. Die verwagte oes is 137 205 ton meer as die vorige seisoen se oes.

Die verwagte rekordoes van kanola beloop 197 000 ton. Dit verbeter die vorige seisoen se rekordoes met 31 800 ton.

Weens die gredeltyd se alkoholbeperkings is heelwat minder moutgars geplant. Die finale produksieskatting beloop 331 100 ton teenoor die vorige seisoen se 588 000 ton.

Koring

Die verwagte opbrengs is 4,31 t/ha. Die verwagte produksie in die Wes-Kaap is 1,260 miljoen ton, wat 56% van die nasionale oes verteenwoordig. Uit die Vrystaat word 353 500 ton verwag, wat 16% verteenwoordig en uit die Noord-Kaap 269 800 ton (12%).

Die toename in die Wes-Kaap se produksie oorskadu die verminderde produksie van die Noord-Kaap, Vrystaat en Oos-Kaap.

Oppervakgewys het die Wes-Kaap volgens die NOK se opname 360 000 ha geplant. Dit is 34 000 ha meer as in die vorige seisoen. In die Vrystaat is 24 000 ha minder koring geplant, met 'n totaal van 70 000 ha. In die Noord-Kaap is ook minder geplant (35 500 ha), maar in Limpopo (26 500 ha), Mpumalanga (4 100 ha), KwaZulu-Natal (8 500 ha) en Noordwes (14 000 ha) is meer koring geplant.

Ander gewasse

Die produksieskatting vir **moutgars** is 331 100 ton, wat 256 900 ton minder is as die vorige seisoen se 588 000 ton. Die oppervlakte beplant word beraam op 94 730 ha, terwyl die verwagte opbrengs 3,50 t/ha beloop.

Die oppervlakteskatting vir **kanola** is 100 000 ha, met 'n verwagte opbrengs van 1,97 t/ha. Die verwagte oes van 197 000 ton is die meeste wat nog in Suid-Afrika geproduseer is.

Die verwagte oes vir **hawer** (ontbytgraan) vir die 2021-seisoen is 69 950 ton en die oppervlakteskatting is 36 250 ton. Aanplantings het met 10 050 ha gedaal maar die verwagte produksie is 12 950 ton meer as in die vorige seisoen. Die ver-

wagte opbrengs is 1,93 t/ha.

In die geval van **soetlupiene** is die produksieskatting 28 600 ton. Die oppervlakte is 22 000 ha en die verwagte opbrengs is 1,30 t/ha.

Die Oesskattingskomitee bestaan uit verteenwoordigers van die volgende instansies: die nasionale en provinsiale departemente van landbou, verskeie afdelings van die Landbounavorsingsraad, naamlik Grond, klimaat en water, Kleingraan en Graangewasse, die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid en Statistieke SA. ▶

Tabel 1. Koring 2021: Oppervlakte en finale produksieskatting per provinsie.

Provinsie	Opp beplant Ha 2021	Opp beplant Ha 2020	Finale skatting Ton 2021	Finale oes Ton 2020
Wes-Kaap	360 000	326 000	1 260 000	1 103 000
Noord-Kaap	35 500	37 000	269 800	271 950
Vrystaat	70 000	94 000	353 500	413 600
Oos-Kaap	3 800	4 000	25 080	26 000
KwaZulu-Natal	8 500	7 800	53 975	48 360
Mpumalanga	4 100	3 000	27 470	19 500
Limpopo	26 500	23 000	172 250	147 200
Gauteng	1 100	1 300	6 930	8 190
Noordwes	14 000	13 700	88 200	82 200
Totaal	523 500	509 800	2 257 205	2 120 000

Bron: NOK.

Tabel 2. Wintergewasse oppervlakte en finale produksieskatting.

Gewas	Opp beplant Ha 2021	Opp beplant Ha 2020	Finale skatting Ton 2021	Finale oes Ton 2020
Koring	523 500	509 800	2 257 205	2 120 000
Moutgars	94 730	141 690	331 100	588 000
Kanola	100 000	74 120	197 000	165 200
Hawermout	36 250	26 200	69 950	57 000
Soetlupiene	22 000	-	28 600	-

* Nota: Skatting is vir die kalenderjaar, bv. produksieseisoen 2021/22 = 2021
Bron: NOK.

The falling number test in the baking context

Although a large wheat crop is expected, there are reports of relatively poor quality in some production regions because of heavy rains during the harvest period. The wet conditions can cause sprouted wheat that can affect the falling number. A low falling number indicates high enzyme activity, most often as a result of sprout damaged wheat or flour. Too much enzyme activity affects many aspects of the breadmaking process, resulting in delays in production and losses due to poor quality finished products.

Theresa de Beer

THE SOUTHERN AFRICAN GRAIN
LABORATORY NPC

The birth and growth of a new plant is at the heart of agriculture and the cereal industry. The enzyme alpha (α)-amylase is an enzyme in cereals that plays an important role in the life of a new plant. The new plant needs sugar to grow, and the enzyme breaks down starch into sugar for the new plant to feed on in the first few days of seed germination. This ability of alpha-amylase enzyme to break down starch into sugar in cereals (and in particular in wheat) makes it just as important in breadmaking, as it plays a large role in gas production.

During breadmaking, alpha-amylase breaks the complex starch in the flour down into sugars. The yeast in the

bread recipe cannot digest the starch and needs sugar as a food source. The alpha-amylase therefore provides the yeast with sugar to ferment, so that carbon dioxide gas can be produced, which makes the dough rise (Cauvain and Young, 2001).

In breadmaking, if the wheat flour does not contain enough alpha-amylase, it can have negative results, such as long proving times for dough, as well as bread with pale crust, low volume and dense crumb. This can easily be improved by adding alpha-amylase, which can be added in the form of fungal-, cereal- (usually malt) or bacterial amylase.


Too much enzyme activity, however, will result in too much sugar being present and not enough starch, which affects many aspects of the breadmaking process, such as dough processing, baking, slicing and the overall appear-

ance of the bread. The flour absorbs less water and the dough is soft and sticky, which makes dough handling difficult. During the baking process, large, open holes are formed and sticky crumb, which accumulates on slicer blades. Also, the large amount of sugar present causes the crust to become too dark and appear burnt (Figure 1). The result is therefore that bread loaves are deformed, difficult to slice and have too dark crusts, all of which are unattractive to customers.

In a commercial bakery, too much enzyme in the flour can affect the yield, as the dough needs less water. Premix formulations are developed and prepared in bulk. Changing the premix recipe regularly can be expensive and impractical. Adjustment to proving times is not always possible as, in automated plants, the dough travels for



Falling number 80



Falling number 260



Falling number 450

Fonte: http://www.cnpt.embrapa.br/eventos/2010/Forum_trigo_2010/Luiz_Carlos_Cactano-ABITRIGO.pdf

Figure 1. Baking results related to the falling number (Kohli et al., 2015)

a set time and distance through the proving cabinets. Sticky dough creates enormous challenges to automated bakery plants where closed high-speed mixers are used, dough is turned out for further processing and dough scaling is done mechanically. Inconsistent scaling weights and dough sticking to equipment causes delays in production and losses due to poor quality finished products.

In a home baking environment, on the other hand, it is easy to change the recipe and the process. More flour or less water can be used; the recipe is usually very simple with just a few ingredients and no enzymes or any other bread improvers are used; and the proving time can be controlled. For these reasons, better results can be expected from flour with high enzyme activity than in a commercial bakery.

The falling number test

The Hagberg Falling Number test is used to determine the alpha-amylase enzyme activity in wheat flour. During the test, a glass tube with a mixture of flour and water is heated up. The mixture thickens as the starch cooks and at the end of mixing, a steel plunger is released to drop through the cooked mixture. The time that the plunger takes to drop the length of the tube is recorded in seconds and the thicker the mixture, the longer it will take for the plunger to drop.

During this starch thickening process,

the alpha-amylase enzymes break down the starch (in the same way as during baking, as explained above), therefore if a lot of enzyme is present, the starch will break down quickly and the mixture will be less thick and more liquid. That means that the plunger will drop through the mixture at a faster rate and give a low falling number result.

A low falling number (e.g. below 220 sec) indicates high enzyme activity, most often as a result of sprout damaged wheat or flour. A high falling number (e.g. above 300 sec) indicates very little enzyme activity and no sprouting. Usually, falling numbers over 250 are suitable for most breadmaking processes.

Too much alpha-amylase in cereals can be the result of mainly two reasons; one is pre-harvest sprouting, which is caused by poor weather conditions before harvest (usually heavy rainfall) causing the grain to sprout too early.

The second reason is called "late maturity alpha-amylase", which is a genetic defect. Some wheat cultivars tend to have abnormally high levels of alpha-amylase, which may be triggered by extreme temperatures (very cold or very hot) or cool conditions that carry on for a long time (Newberry et al., 2018).

Genetics can further influence the falling number value, namely with regards to the starch composition in the flour. In flour, starch is made up of two types, namely amylose (about 22%) and amylopectin (about 78%).

If the starch in flour consists of mainly amylopectin, it is referred to as waxy. When water is added to starch and the mixture is heated up (as is described in the falling number test), the amylopectin will swell more than the amylose. That means that the cooked starch will be less dense, and the plunger will fall through it faster, giving a low falling number result, which in this case is because of the waxy starch and not the presence of the enzyme (Bettge, 2018).

Commercial bakeries invest a lot of time and money in optimising baking processes, such as preparation of the recipe and premix formulations, the amount of water that is added, mixing and dividing the dough, baking and ultimately end product quality. It is important to be aware of the amount of enzyme activity in wheat flour, its relation to falling number, the factors that can affect the falling number and its effect on the baking quality of the flour.

The challenges posed in commercial baking with low falling numbers are difficult to solve and can cause large financial losses if introduced into the baking process, especially if the bakery is automated. It is possible for mills to use falling number information to blend wheat with different falling number values, in order to minimise the effect of for example sprouted wheat, by using a formula called a Liquefaction Number, but it is important to be aware of the limits to this method of blending. *

Quartz bevestig sy topposisie in die kanola-bedryf



Agricol se kanola-baster, Quartz, het in die nasionale kanola-kultivarproewe se konvensionele groep die hoogste gemiddelde opbrengs van 3 449 kg/ha in die Suid-Kaap behaal. Dit is ook suksesvol in die Swartland en Overberg.

Agricol, 'n toonaangewende saadmaatskappy wat bekend is vir hul sukses in die kanolabedryf, beskik oor 'n uitstekende konvensionele kanola-baster, naamlik Quartz. Dié kultivar het in die afgelope seisoen in die nasionale kanola-kultivarproewe die hoogste gemiddelde opbrengs van 3 449 kg/ha in Suid-Kaap se konvensionele groep behaal.

Quartz is 'n baster met 'n medium groeiseisoen wat 'n nuwe stel standaarde daarstel waarteen ander kanola-kultivars hul sal moet vergelyk. Die kultivar het 'n reeks uitnemende eienskappe, wat insluit uitstekende opbrengspotensiaal, goeie en wye aanpasbaarheid en uitstekende groeikragtigheid van vroeë saalinge. Die kultivar se aggressiewe wortelontwikkeling en medium planthoogte dra verder by tot Quartz se sukses in die Swartland, Overberg en Suid-Kaap.

Wat kultivarkeuse betref behoort kanola-produksente nie hul besluitneming op slegs een jaar se opbrengsresultate te baseer nie. Kultivars se langtermyn-opbrengsstabiliteit is een van die belangrikste kenmerke om te oorweeg wanneer kultivarkeuses vir die komende seisoen gemaak word. Opbrengsstabiliteit oor verskeie seisoene spreek boekdele van 'n kultivar se seisoensaanpasbaarheid.

Quartz se opbrengs het in die afgelope seisoen uitgestaan

in die nasionale kultivarproeflokaliteite, by onder meer Tygerhoek – 3 350 kg/ha, Riversdal – 3 532 kg/ha en Napier – 3 464 kg/ha. Die kultivar het vanjaar ook sy prestasie in die kanolabedryf beklemtoon om die topposisie in die Suid-Kaap tydens die nasionale kultivarproewe vir die opvolgende tydperk van drie jaar (2019 tot 2021) met die beste gemiddelde opbrengs te ewenaar.

In die Swartland was Agricol se gewilde konvensionele kultivar Diamond op die voorpunt, gevvolg met Quartz in die tweede plek. Dit was egter ook duidelik dat Quartz 'n hoër gemiddelde opbrengs as Diamond gerealiseer het by Langgewens se eerste aanplanting met 'n ontkiemingsdatum van 15 Mei 2021. In Philadelphia, met dieselfde ontkiemingsdatum van 15 Mei, was Quartz en Diamond so te sê kop aan kop met gemiddeld 2 562 kg/ha. Quartz kan gevvolglik ook met groot sukses in die Swartland verbou word.

**QUARTZ**

Type	Baster
Groeiseisoenlengte	Medium
Swartstam-gradering	R
Swartstam-weerstandsgroep	ABD
Planthoogte	Medium
Aanbevole produksiegebiede	Swartland, Overberg, Suid-Kaap

**Siektereesterend**

Siektereesterend is nog 'n belangrike eienskap om in ag te neem tydens kanola-kultivarkeuse. Swartstam (*Leptosphaeria maculans*) is 'n wêreldwyse probleem by kanola en word as dié gewas se moontlik gevaaalikste siekte beskou. Daar is twee soorte swartstam-weerstandsgene, naamlik kwalitatiewe weerstand en kwantitatiewe weerstand.

Kwalitatiewe weerstand voorkom dat die swartstam-patogen die plant binnedring en behels algehele weerstand, sodat stam-, blaar- en kroon-infeksies afwesig is. Indien 'n kanola-sailing vroeg in die seisoen met swartstam besmet word, tree die kwalitatiewe weerstandgeen in om te voorkom dat die swam die plant binnedring. Sodoende word die voorkoms van letsels op blare en kroon voorkom.

Daarenteen is kwantitatiewe weerstand verantwoordelik vir die voorkoming of onderdrukking van stam-infeksies (stam-kankers) wat reeds plaasgevind het en dit speel geen rol by die

voorkoming van blaar-infeksies nie. Slegs wanneer die kwalitatiewe weerstand van die plant oorkom is, sal kwantitatiewe weerstand in werkung tree. Die swartstam-patogen oorkom kwantitatiewe weerstand baie moeiliker as kwalitatiewe weerstand. Kultivars kan gevvolglik hul weerstand oor 'n langer tydperk behou. Kanola-kultivars kan dus steeds goed presteer, aangesien kwantitatiewe weerstand nie so maklik oorkombaar is nie.

Agricol se top kanola-kultivars in die konvensionele groep, Diamond (ABF) en Quartz (ABD), het die opsie dat wisselende weerstandsgene aangewend kan word om hul swartstam-weerstand te beskerm. 'n Goeie kultivarpakket met wisselende weerstandsgene kan 'n produsent se risiko met swartstam versprei. Die kultivars se saad kry ook voor dit na Suid-Afrika ingevoer word 'n saadbehandeling om die weerstand teen swartstam verder te versterk. ¶



Omskep risiko in volhoubare welvaart

**NEEM BEHEER VAN JOU
BESIGHEIDSIKLUS
MET 'N
RISIKOBESTUURSPOLIS**





'n Wenresep vir kanolasukses...

ALPHA TT

- Tipe: TT-baster
- Groeiseisoenlengte: Medium - vroeg
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstamweerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Uitstekend

DIAMOND

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Kort - medium
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstamweerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Baie goed

QUARTZ

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Medium
- Opbrengspotensiaal: Uitstekend
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstamweerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Uitstekend

Takke:

Brackenfell: 021 981 1126
Cradock: 087 365 0010
George: 087 354 1028
Howick: 033 330 2765

Kimberley: 053 841 0675
Piketberg: 087 365 3025
Port Elizabeth: 041 373 9894
Potchefstroom: 018 294 7470

Pretoria: 012 803 6033
Swellendam: 087 359 3236
www.agricol.co.za

Australian barley adds value to SA's malting and brewing industries

Mariana Purnell

CO-WORKER

The Australian grains industry is working hard to build a sound relationship with South Africa's barley value chain. In a recent webinar, they shared valuable information about the Australian malting barley accreditation program and other benefits of using Australian malting barley. Central to the discussion was grain quality, reliability, and safety. With an annual production of 9 to 10 million tonnes, barley makes up between 20 and 25 percent of the 43,5 million tonne Australian grains industry which has a farm gate value of Aus\$ 15 billion (R163 billion). In 2020/21, South Africa imported 29 576 tonnes of malt barley from Australia which is a net exporter of barley.

Richard Simonaitis, CEO of AEGIC (The Australian Export Grains Innovation Center), led the Australian team of industry experts from AEGIC as well as Barley Australia, Grain Trade Australia and the Grains Industry Market Access Forum.

In an overview of the Australian barley industry, Mary Raynes, AEGIC Barley Markets Manager, outlined the quality and attributes of Australian barley which include a low moisture content, good protein levels, high extract potential and a good range of fermentability.

Dr Megan Sheehy, Executive Chair of Barley Australia, said their malt barley accreditation process is on par with systems used in Europe and Canada. Of particular importance is the two-stage evaluation process over two growing seasons. A barley variety will only be considered for accreditation if it has

better quality (agronomic and/or malting) or a specific quality or agronomic characteristic that is of benefit to the industry.

The accreditation program, administered by Barley Australia in conjunction with a team of technical malting and brewing experts from Australia's major malting and brewing companies, ensures a proven performance record of industry-recognised trials. This includes pilot malting and pilot brewing - both critical components to provide acceptable beer.

Quality assurance of the Australian grains industry is provided by a self-regulatory framework, according to Tim Ross, a project manager at Grain Trade Australia (GTA). Trade is facilitated by grain trading standards, trade rules and contracts as well as dispute resolution services. The industry also abides by a strict Code of Practice which covers the entire grain supply chain.

Tony Russell, Executive Manager of the Grains Industry Market Access Forum explained how South Africa's requirements for barley were met. Australia's export system is regulated by the Export Control Act 2020 with an online manual for importing country requirements guiding the process. The National Residue Survey provides long-term residue testing data to manage quality assurance and risk. In addition, Australia has a three-tick phytosanitary process which includes hygiene audits of registered export establishments, the inspection of transport units prior to loading and the inspection of goods against importing country requirements and export standards.

The next webinar on the value of Australian malting barley for South Africa will take place on 5 April 2022. ▶

Insurer donates R100 000 towards fighting locust plagues

The insurance company Santam donated R100 000 to the Agri SA Disaster Relief Foundation to mobilise aerial assistance in the Northern Cape to control large-scale locust outbreaks.

According to a statement from Santam, the ongoing locust invasion of veld and farmland in South Africa, by bands of wingless nymphs, is continuing to wreak havoc on a wide area in the vicinity of Vosburg, Van Wyksvlei, Prieska, Marydale, Victoria West and Hopetown. The outbreak is attributed to changes in weather patterns, including warm weather, excellent veld regrowth and humid conditions.

Santam's donation will help Agri SA to scale up its locust combatting efforts to better mitigate the impact. Daniel Stevens, Head of Santam Agriculture, says that the affected areas are too big and the current equipment too insubstantial to fight the locust plague effectively.

"Locusts are causing severe damage to the veld, and without urgent aerial support, the looming crisis will have dire consequences for the livelihoods of farmers, their workers, and rural economies."

The contribution will help to prevent further damage to crops

and the destruction of livestock pastures. Spraying the locust populations requires covering more than 4 000 hectares of land across the Northern Cape. The farmers' capacity to fight the swarms is severely under pressure due to the extent of the outbreaks in the province.

"Through this initiative, we can mitigate job losses and protect food security. We urgently call on the private sector to contribute financially and assist in putting plans in place to eradicate the locust swarms. This is a public-private partnership in practice," Mr Stevens adds.

"The key to successful eradication is to destroy the locusts before they turn into fledglings. Locusts can cover more than 100 km per day once they develop wings, making them difficult to track and destroy. This is a great concern for organised agriculture and might result in a disaster should locusts fly into irrigation and crop areas in other provinces, such as the Free State, North West and Eastern Cape."

Santam is working closely with Agri SA to control the hoppers in the affected areas to reduce the size of the population. Any sightings must be reported as soon as possible to the local district locust officer or the department of agriculture. ▶



SKEI DIE KORING VAN DIE KAF – 'N KORINGKULTIVAR WAT AAN JOU VOORKEURE VOLDOEN

Behaal topprestasie op jou plaas met Pannar se pakket van hoë-opbrengspotensiaal, wyd aangepaste koringkultivars. Kenmerkend van hierdie kultivars is hulle saailinggroeikragtigheid en goeie strooisterkte, staanvermoë, stoelvermoë en graderingseienskappe. Pannar se kultivar opsies vir droëland of besproeiing sal aan jou voorkeure voldoen ten opsigte van plantdatums, plantdigtheid asook roesverdraagsaamheid. PAN 3471 is 'n beproefde en bewese medium-vinnige kultivar en 'n formidabele keuse vir die Wes-Kaap.

ONS IS STANDVASTIG AAN JOU, DIE BOER VERBIND.



www.pannar.com





Wisselvallige somergraan en grondvog verhoog vraag na koringsaad



Pannar se lentepröwe in die Wes-Kaap. Nuwe kultivars kan reeds in 2023 beskikbaar wees.

Foto verskaaf.

Koring wat weens reën nie betyds gestroop kon word nie, valgetalprobleme wat deur uitgelooptheid veroorsaak word en 'n groter vraag na saad vir die komende seisoen is sommigte van die gevolge van die afgelope uitsonderlike koringseisoen. Selfs saad wat op plase teruggehou word gaan na verwagting nie die gevolge van 'n baie nat seisoen vryspring nie.

Volgens die Oesskattingskomitee word die tweede grootste oes van 2,2 miljoen ton sedert 2002 se rekordhoeveelheid van 2,43 miljoen ton verwag. Die koring se kwaliteit in só 'n groot oes kan egter 'n prys betaal. Gepaard met sopnat landerye waarop somergraan soos mielies en sonneblom se aanplantings, ontwikkeling of oeste benadeel is, gaan sommige graanprodusente inkomste uit wintergraan probeer genereer. Dit sal egter afhang van hoe droog die grond vir bewerking geword het en dit plaas reeds druk op die saadmaatskappy se koringsaad.

Een van die saadmaatskappye, Pannar Saad uit die stal van Corteva Agri-science, se koringteler raai produsente aan om in noue voeling met die maatskappy se verteenwoordigers te bly. Dr André du Toit, Pannar Saad se koringteler, sê produsente wat van plan is om koring te plant moet met hul naaste verteenwoordiger skakel vir pasgemaakte

kultivaraanbevelings. Weens die groter vraag na saad in veral die Vrystaat en in besproeiingsgebiede het die maatskappy reeds voorbereidings getref om saad te skuif.

Die afgelope seisoen se uitsonderlike langdurige reën het volgens dr Du Toit veroorsaak dat min onderskeid tussen kultivars met of sonder uitloopverdraagsaamheid getref kon word. Ná die seisoen se goeie afskop is bykans die hele noordelike produksiegebied deur aanhoudende reën gyselaar gehou. Koring kon nie betyds gestroop word nie en valgetalprobleme het op talle plekke ontstaan. Pannar is nogtans trots op hulle produkte wat rekordopbrengste by produsente behaal het.

In Pannar se proewe, genaamd P3 (Pannar preferred products), word die jongste kiemplasma op groot skaal getoets voordat 'n bestaande reeks vervang word. "Uit die P3-proewe se resultate sal die vervanging van bestaande

kultivars oorweeg word sodat die beste moontlike kiemplasma per groeiperiode aan produsente in 'n Pannar-sakkie gebied word," sê dr Du Toit.

"Selfs in die 2021-seisoen het die proewe nie teleurgestel nie. In die winterdroëlandstreek sal PAN 3373 (intermedié tipe) die bestaande PAN 3368 vervang om die huidige Pannar-droëlandpakket tot nuwe hoogtes te neem.

"Met die oog op lenteenkoring se besproeiingsmark is verskeie nuwe kultivars in die P3-proewe ingesluit, naamlik PAN 3453 (laat groeiklas), PAN 3584 (medium groeiklas), PAN 3583 (medium groeiklas) en PAN 3681 (vinnige groeiklas)."

Sover dit hulle saadvoorraad betrek, sê dr Du Toit die hoë reënval in die somerreëngebiede gaan die beskikbaarheid van saad beïnvloed. Navrae vir saad het reeds vroeg in Januarie ingestroom, met produsente wat meer koring op die

NA BLADSY 16



Wisselvallige somergraan en grondvog verhoog vraag na koringsaad

VAN BLADSY 15

droëlande wil produseer om die beskikbare vog te benut.

"Weens die nat toestande gaan dit nie vir alle produsente moontlik wees om droëlandkoring betyds te kan plant nie, maar Pannar het oplossings daarvoor om pasgemaakte oplossings uit te werk. Planne is reeds gereed om produsente by te staan met die seisoen se unieke produksie-uitdagings."

VRYSTAAT

Dr Du Toit sê produsente op die Wes-Vrystaat se watertafelgronde wil meer koring op die droëlande produseer om die beskikbare vog voor die volgende somerseisoen te benut.

"Ek glo nie alle voornemende produsente sal op die optimale tyd in hul lande kan inkom om te plant nie. Dit sal gevvolg goed wees om by 'n Pannar-verteenvoerdiger te hoor waar saad beskikbaar mag kom om sodoende in die regte plantvenster te kan benut. Planne is reeds gemaak om saad so vinnig as moontlik te skuif van produsente wat nie kan plant nie na produsente wat wel kan plant."

Kultivaraanbevelings

Die maatskappy het drie groeiperiode-koringtipes wat volgens dr Du Toit baie geskik is vir droëlandaanplantings in die hele Vrystaatse produksiegebied, Oos en Wes.

Die kultivars is PAN 3111, 'n egte wintertipe met uitstekende opbrengspotensiaal en uitstekende staanvermoë vanweë korter strooi. PAN 3161 is nog 'n

egte wintertipe en het 'n kombinasie van goeie aluminium- en Russiese koring-luisverdraagsaamheid. PAN 3373 is die nuwe intermediêre tipe kultivar wat PAN 3368 in die pakket vervang.

PAN 3373 is geskik vir aanplanting in die droëlandproduksiegebiede van beide die Oos- en Wes-Vrystaat. Die kultivar se opbrengsprestasie gekombineer met stabiliteit is ongeëwenaard in hierdie groeiklas. As gevolg van PAN 3373 se verkorte groeitydperk, uitsonderlike opbrengspotensiaal en strooisterkte sal dit by uitstek geskik wees vir produksie onder aanvullende besproeiing, sê dr Du Toit.

Wat valgetal en uitlooptoleransie betref, beskik PAN 3373 oor die beste toleransie gevvolg deur PAN 3111 en laastens PAN 3161. Weens die nat toestande het koring vanselfsprekend valgetalprobleme ontwikkel. Volgens dr Du Toit is daar wel onderskeid tussen kultivars se uitlooptoleransie, maar tydens die afgelope seisoen se uitsonderlike deurlopende reën was daar geen onderskeid nie.

Hoewel die maatskappy in die afgelope seisoen meer saad geproduseer en produksiedoelwitte gehaal het, verwag hulle moontlike tekorte in droëland- en besproeiingspakette.

WINTERREëNGEBIED

As alles volgens plan verloop behoort nuwe Pannar-kultivars reeds in 2023 beskikbaar te wees. Die kultivars gaan saam met die huidige PAN 3471 bemark word vir aanplantings in die Wes-Kaap se hele droëlandproduksiegebied.

Pannar is volgens dr Du Toit opge-

wonde oor die vooruitsig van nuwe kultivars. Tans is PAN 3471 vir produsente in die Wes-Kaap beskikbaar. Saad is beskikbaar by SSK asook by die Pannar depot op Swellendam.

BESPROEIING

Na verwagting gaan aanplantings in die besproeiingsgebiede redelik stabiel bly, meen dr Du Toit. Die vraag na gesertificeerde saad kan toeneem omdat die kwaliteit van terughousaad weens die reën sou afneem. Hy raai produsente aan om vroegtydig hul voorkeurkultivars se saad te bestel.

In Pannar se pakket van lentetipe kultivars met hoë opbrengspotensiaal is drie groeiklasse, naamlik medium-laat, medium en medium-vinnig. Die pakket bestaan uit PAN 3497, PAN 3541, PAN 3644 en PAN 3400.

Met sy ietwat langer groeiperiode is PAN 3497 meer geskik vir vroeë aanplantings. PAN 3400, met 'n medium tot vinnige groeiperiode en 'n uitstekende opbrengspotensiaal, is ideaal vir medium tot later aanplantings. PAN 3541 is die medium-groeiseisoenkultivar in die reeks wat sowel vroeg as laat aangeplant kan word. PAN 3644 is 'n toppresteerder in die vinnige groeiperiode en 'n goeie keuse vir laat plantdatums.

Pannar se personeel sien uit na die komende koringseisoen en is voorbereid op die uitdagings wat reeds bestaan en wat mag opduik. Nuwe kultivars uit die maatskappy se telingsprogram kan mee help om produsente se winsgewendheid te verhoog. ♦



*Die groen masjien werk
dat die stof so staan.*

Die Agrico HSD630: 'n hoëspoeddiss in 'n klas van sy eie

Met grondbewerking en spoed is die hoëspoeddiss HSD630 sy mededingers myle vooruit - letterlik.

Hierdie dis van Agrico werk twee keer vinniger as 'n standaarddis en lewer uitsonderlike grondvoorbereiding en -vermenging.

Hier is redes hoekom die produsent se grond sal baat met die HSD630.

Wat doen 'n hoëspoeddiss?

'n Hoëspoeddiss is 'n skottel-eg wat gebruik word om grond om te dolwe, op te breek en die bolaag los te maak, om sodoen die gesonde groei van gewasse en gesonde wortelsones aan te moedig.

Hierdie implemente verwyder ook onkruide en die plantreste en wortels van vorige oeste doeltreffend. Plantreste word met die nuwe bo-grond en voedingstowwe gemeng om die algemene kwaliteit van die grond te verbeter.

Die HSD630 kan teen tot dubbel die spoed van 'n standaard skottel-eg werk. 'n Hoë werkspoed verbeter produktiwiteit dramaties. Die Agrico HSD630 is 'n moderne hoëspoeddiss wat ontwerp is vir aggressiewe grondbewerking en doeltreffende saadbedvoorbereiding. Die implement laat die produsent toe om deur die rofste grond te breek en onkruid in 'n fraksie van die tyd op te sny.

Die elegante ontwerp voorkom dat materiaal opbou. 'n Aggressieve en goedbeplande werkshoek maak van die HSD630 'n top grondbewerker. Elegant ontwerppte hoeke bied optimale materiaalvloei sonder die opbou van grond en ander afval, terwyl plantreste opgesny word en die regte hoeveelheid in die grond vermeng word.

Dit is taai en duursaam. 'n Rigiede en robuus gesweisde raam gee stabiliteit en betroubaarheid. Veiligheidsmeganismes laat die individuele skywe toe om weg te breek wanneer klippe getref word, om skade te voorkom.

Terwyl 'n individuele hersetmeganisme van rubber na die skywe omsien, beskerm 'n duursame seël die laers teen vog

en stof. Hoëtrekkragstaal en onderhoudsvrye laers verseker 'n lang leeftyd. Individuele skywe is ontwerp en geplaas om veldkontoere te volg, veilig oor groot klippe weg te breek ('trip out') en dadelik weer in die grond te herset.

Doeltreffend en veelsydig.



Die HSD se roller dien as dieptebeheer met 'n maklik verstelbare gat-in-pen-meganisme. Bykomende rollers is opsioneel beskikbaar vir grondkonsolidasie, gelykmaak en dieptebeheer.

Wat sê die klant?

"Ek gebruik baie minder brandstof en spaar baie tyd. Ek dink die rede vir die HSD se sukses is die aggressiewe hoek waarteen die skywe werk. Hier en daar het ek klippe in my lande en wanneer die HSD een tref, laat die mekanisme die skywe individueel wegbrek en die masjien doen nie skade op nie." - Alwyn Rautenbach van die plaas Rooipoortjie in die Lichtenburg-distrik, Noordwes. Eienaar van twee HSD630 implemente. *

Kontak Agrico by +27 21 950 4111 of sales@agrico.co.za of besoek www.agrico.co.za.

Nuwe era vir voorkomende beheer van blaarsiektes

Syngenta se nuwe sistemiese swamdoder, MIRAVIS® Neo, gee vir kleingraanprodusente 'n hoogs effektiewe oplossing teen blaarsiektes.

Die nuweling in Syngenta se produkportefeuilje is geregistreer vir voorkomende beheer van vaalblaar (*Septoria spp.*) op koring, asook poeieragtige meeldou (*Blumeria graminis*) en roes (*Puccinia spp.*) op koring, gars en hawer. Op gars en hawer is MIRAVIS® Neo ook geregistreer vir die voorkomende beheer van netvlek (*Pyrenophora teres*), blaarvlek (*Rhyncosporium secalis*) en, in kombinasie met BRAVO®, Ramularia blaarvlek (*Ramularia collo-cygni*).

Die ruggraat van MIRAVIS® Neo is ADEPIDYN™ tegnologie, 'n nuwe generasie chemikalie uit die karboksamiedgroep wat deur Syngenta ontwikkel en onlangs wêrelwdwyd bekendgestel is.

Effektiewe werking

ADEPIDYN™ tegnologie is merkwaardig vanweë sy uitsonderlike hoë effektiwiteit teen relatiewe lae dosisse op 'n wye verskeidenheid patogene. Die bestanddeel werk deur 'n spesifieke proteïenkompleks binne die mitochondria in 'n ontwikkelende swamhife te inhibeer. Sodoende word die energiebron wat die swam nodig het om verder te groei, gedeakteer.

As die aktiewe bestanddeel in MIRAVIS® Neo, word ADEPIDYN™ tegnologie vinnig na toediening in die waslaag van die plant opgeneem waar dit 'n reservoir vorm. Van hier word die produk geleidelik oor 'n lang tydperk vrygestel en deur die plant versprei. Hierdie metode van werking beskerm die produk teen metaboliese afbreking, en is die sleutel tot MIRAVIS® Neo se verbeterde reënvastheid en nawerking teen siektes.

Benewens ADEPIDYN™ tegnologie bevat MIRAVIS® Neo ook asoksistrobien en propikonasool, elkeen met 'n unieke metode van werking. Saam verseker die drie aktiewe bestanddele dat MIRAVIS® Neo nie net kleingraanblaarsiektes effektief en langdurig beheer nie, maar ook die opbou van weerstand help bestuur.

Wapen teen weerstand

Oor die jare is bewys dat 'n effektiewe weerstandbestuurstrategie in kleingrane van kardinale belang is om te verhoed dat weerstand ontwikkel teen die verskillende groepe chemie wat vir gewasbeskerming gebruik word. Die kombinasie van aktiewe bestanddele in MIRAVIS® Neo ondersteun sulke strategieë.

Die bestuur van weerstand berus hoofsaaklik op die awisseling van produkte uit verskillende FRAC groepe. Dit is waarom produsente nooit net een produk eksklusief moet gebruik nie. Awisseling stel patogene bloot aan aktiewe bestanddele wat op verskillende maniere werk. Weerstand wat teen een metode van werking opgebou is, sal dus nie die patogeenpopulasie teen 'n ander metode beskerm nie. Selfs individue in die populasie wat natuurlik weerstandig is teen een metode van werking, sal danksy awisseling beheer kan word deur chemie uit 'n ander groep.

Tydsberekening

Blaarsiektes infekteer die gasheerplant se blare en verminder sodoende die blaaroppervlak wat beskikbaar is vir fotosintese. Dit belemmer optimale produksie van die suikers wat die plant benodig vir die metabolisme en fisologiese prosesse wat graanvorming, graanvul, graankwaliteit en staanvermoeë bepaal.

Die vlagblaar in kleingrane is wel die laaste blaar om tydens die vegetatiële groeistadium te ontwikkel, maar word beskou as die belangrikste. Siende dat koolhidrate wat deur fotosintese in die vlagblaar gevorm word die primêre bron vir graanvul is, moet die vlagblaar optimaal funksioneer. Dit beteken egter nie dat siektes op 'n vroeër stadium geen impak het nie. Om 'n sterk, optimaal funksionerende plant by graanvul te verseker, moet vegetatiële groei optimaal plaasvind. Dit is slegs moontlik wanneer die blare vanuit die staanspoor beskerm word sodat fotosintese nooit belemmer word nie.

Afgesien van die direkte impak wat blaarsiektes op fotosintese het, gebruik plante ook waardevolle energie wat byvoorbeeld graanvul kon bevorder, om infeksies te beveg.

Voorkomende beheer is dus onontbeerlik in die stryd teen blaarsiektes. Wanneer die simptome sigbaar word, is dit klaar te laat. Die siekte is dan alreeds goed gevestig en bykans onmoontlik om te stop of selfs net effektiel te beheer.

Dit is daarom belangrik dat produsente die teikensiekte en sy lewensiklus in 'n spesifieke area goed verstaan en behandeling ooreenkomsdig tydig toepas.


Die effektiewe en langwerkende impak van MIRAVIS® Neo is van onskatbare waarde om siektes voorkomend te bekamp en optimale opbrengs te verseker. Die resultaat is 'n verskil wat sommer met die blote oog gesien kan word.

Sien die
VERSKIL!




MIRAVIS® Neo is onder ander geregistreer vir die voorkomende beheer van vaalblaar (*Septoria spp.*) op koring.

Op hierdie foto's is die verskil tussen onbehandelde gars (links) en gars wat 'n MIRAVIS® Neo toediening ontvang het, duidelik sigbaar.



Met die koring oesryp, is die deel van die land wat met MIRAVIS® Neo behandel is, siektervry.

sien die verskil!



3 redes om MIRAVIS® Neo te kies:

- ❖ **ADEPIDYN™ tegnologie** met sy bewese lang nawerking en stabiliteit in die blaar, beskerm jou gewas teen 'n wye verskeidenheid swamsiektes en verseker sodoende dat energie vir graanvul aangewend word vir hoër opbrengs.
- ❖ **3-in-1 formulasie van ADEPIDYN™ tegnologie** ondersteun deur AMISTAR® tegnologie en propikonasool, sal MIRAVIS® Neo na hardhekkige swamsiektes laat omsien.
- ❖ **Reënavas binne 1 uur:** Onverwagte reënval maak geen verskil aan MIRAVIS® Neo se effektiwiteit nie.

MIRAVIS® Neo. Die verskil is soos dag en nag.



Besoek syngenta.co.za

 **Miravis® Neo**

syngenta

LEES DIE PRODUKETIKET VIR VOLLE BESONDERHEDE.

MIRAVIS® Neo bevat ADEPIDYN™ tegnologie (pydiflumetofen), asoksistrobien en propikonasool (Reg. Nr. L11102, Wet Nr. 36 van 1947). SKADELIK.

MIRAVIS® Neo is 'n geregistreerde handelsmerk van 'n Syngenta Groepmaatskappy.

Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000. www.syngenta.co.za

© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg van hierdie dokument is voorbehou. Alle onregmatige kopiering word verbied.



Haal die kopkrap uit KULTIVARBESLUISTE



Statistiese navorsingsproef by Orania in 2021. Die proewe word oor 11 lokaliteite per jaar geplant vir 3 tot 4 jaar om teellyne te selekteer vir kommersiële vrystelling.

Besproeiingskoring het 'n belangrike plek in wisselboustelsels saam met somergewasse soos sojabone, droëbone, sonneblom en mielies, asook katoen in Suid-Afrika se besproeiingsgebiede. Lentetipes koring wat laat in die herfs en winter geplant word, is gesik vir besproeiing.

Magda du Toit

MEDEWERKER

Op die meeste plekke in die land het die landbouers gejuig oor goeie reën van die afgelope seisoen, maar die bo-gemiddelde reën gedurende die 2021-koringgroeiseisoen het ook 'n hele paar uitdagings opgelever.

Een van hierdie uitdagings wat met baie reën in oestyd gepaard gegaan het, het veral 'n invloed gehad om langgroeiseisoen-kultivars. Hierdie kultivars het nie net 'n verlengde graan-vulperiode nie, maar benodig ook 'n langer afdroogtydperk. Die koeler temperature wat saam met die nat toestande geheers het, het die afdroging verder uitgerek en veroorsaak dat die koring later gestroop is.

Volgens Stephan de Groot, besproeiing- en winterkoringtelery by Syngenta, wys hierdie uitdagings opnuut op die waarde daarvan om 'n koringpakket te plant. Deur 'n pakket van kultivars te plant kan produsente hul risiko beter versprei. Met 'n verskeidenheid kultivars met verskillende groeiperiodes, kan klimaatstoestande beter bestuur word.

'n Groot voordeel wat die baie reën in oestyd meegebring het, is dat die grondprofiel nat was. Dit was voordelig vir mielieaanplantings ná koring, maar alles is nie net rooskleurig nie.

Sommige van die mielies is weens die nat toestande later as gewoonlik geplant. Die gevolg was dat hierdie mielies heel waarskynlik later gestroop gaan word. Die verdere gevolg is dat die koring wat ná mielies geplant moet word, se planttyd ook gaan aanskuif na later in die seisoen. Dit sal produsente noodsak om die groeiperiode van kultivars wat hulle beplan om te plant deeglik in ag te neem.

Kultivarkeuse is van kardinale belang en produsente moet aspekte soos opbrengspotensiaal, aanpasbaarheid, stabiliteit, graangehalte, staanvermoë en siekterverdraagsaamheid in aantrekking neem.

Medium-, medium kort- en kort groeiperiodekultivars sal die aangewese produkte wees om te oorweeg vir later aanplantings omdat hulle beter aangepas is vir die middel tot laat periode van die plantvenster.

Syngenta beveel 'n kultivarpakket aan vir goeie risikoverspreiding. Produsente kan hul besproeiingskoringspakket uit die volgende produkte saamstel.

- SST 806 – Dié semi-dwergkultivar het 'n medium groeiperiode en uitstekende opbrengspotensiaal wat hitte kan hanteer. Dit is by uitstek gesik vir die Oos-Vrystaat.

NA BLADSY 23

Koringkultivars wat presteer
**Toppresterende kortgroeiseisoenkultivars
in die SENSAKO-mandjie**

SYNGENTA bied 'n pakket van hoëpotensiaal-kortgroeiperiodekultivars in die Sensako-handelsmerk wat geskik is vir middel- tot laatseisoenaanplantings. Uitstekende staanvermoë en ongeëwennaarde opbrengs in hierdie groeiklas maak SENSAKO se kort groeiers 'n puik keuse om goeie koringproduksie te verseker.



syngenta.[®]



SENSAKO

Syngenta is een van die wêreld se toonaangewende maatskappye met meer as 26,000 werknemers wat toegewy is tot ons doel: Om plantpotensiaal te laat herleef.

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690



syngenta.co.za



SENSAKO



SENSAKO

®

Haal die kopkrap uit kultivarbesluite

VAN BLADSY 21

- SST 895 – Hierdie kultivar is aangepas vir middel- en laatseisoen-aanplantings in die warmer en koeler besproeiingsgebiede. Dit het 'n kort tot medium groeiperiode en goeie opbrengspotensiaal.
- SST 884 – 'n Kultivar met 'n kort groeiperiode en baie goeie opbrengspotensiaal. Wanneer die risiko groot is vir laat koue en ryk, is hierdie moontlik die ideale keuse omdat die plantdatum aangepas kan word.
- SST 843 – Hierdie kultivar is 'n dubbeldwerg met 'n kort groeiperiode en baie goeie opbrengspotensiaal wat ook weerstand bied teen geelroes. Die kultivar is aangepas vir die warmer en kouer besproeiingsgebiede en bied uitstekende graankwaliteit. Dit is goed aangepas vir laatseisoen-aanplantings.
- SST 8135 – 'n Kultivar met 'n kort tot medium groeiperiode en baie goeie opbrengspotensiaal.

Sommige van die nuwe Sensako-kultivars op die keuselys vir die besproeiingsgebiede is die volgende:

- SST 8154 – 'n Kultivar met 'n kort groeiperiode, baie goeie opbrengspotensiaal, staanvermoë en graankwaliteit.
- SST 8175 – 'n Kultivar met 'n medium groeiperiode, baie goeie opbrengspotensiaal en graderingseienskappe.
- SST 8156 – Hierdie hoëpotensiaal semi-dwergkultivar het 'n medium groeiperiode en is wyd aangepas vir vroeë en middelseisoenaanplantings. Dit bied goeie uitloopweerstand asook matige weerstand teen stam- en geelroes. SST 8156 se pitvastheid is goed en die graangehalte is uitstekend.
- SST 8177 – 'n Kultivar met 'n lang groeiperiode, baie goeie opbrengspotensiaal en siekteverdraagsaamheid. Baie goed aangepas vir vroeë aanplantings.
- SST 8205 – 'n Medium groeiperiodekultivar met uitmuntende opbrengspotensiaal.

Later aanplantings moet met 'n hoër stand gepaard gaan, beveel mnr De Groot aan. "Sodra die planttyd aanskuif, word die vegetatiewe groeiperiode ingekort en dit beïnvloed die stoelvermoë. Om hierdie situasie te kan bestuur moet plantdigtheid hoër aangepas word hoe later geplant word."


2021-seisoen se strookproewe

In 2021 het Syngenta se koringsaadproduksie en -bemarkingspan baie datapunte ontwikkel deur strookproewe oor die hele produksiegebied van besproeiingskoring te plant (**Figuur 1**). In totaal is 19 proewe geplant waarvan data uit 16 verkry kon word. Die lokaliteite wat afgeskryf is, is hoofsaaklik veroorsaak weens die laat reën. Dit het produsente genoeg om eerder te stroop as om aandag te gee aan 'n noukeurige en tydrowende weegproses wat data uit die strookproewe verskaf.


Die gesamentlike data vir elke provinsie is saamgevat in Figuur 2 tot 4.

Die nuwe kultivar SST 8205 het sy staal in die 2021-proewe gewys. Die kultivar is in 2020 vrygestel en hoewel beperkte saad besik is, is dit 'n kultivar om van kennis te neem. Wat SST 8205 uniek maak, is sy wye aanpassing in al die streke waar koring onder besproeiing geplant word.


Ander staatmakers vir die verskillende groeiklasse was die nuwe kultivar SST 8175 in die medium vinnige groeiklas, SST 8154 in die vinnige groeiklas en SST 8156 in die medium groeiklas.




Figuur 1. Kaart van Suid-Afrika wat die lokaliteite wys waar die strookproewe oral geplant is.



Figuur 2. 2021 Gesamentlike opbrengsresultate (ton/ha) van strookproewe in Limpopo.



Figuur 3. 2021 Gesamentlike opbrengsresultate (ton/ha) van strookproewe in die Noord-Kaap.




Figuur 4. 2021 Gesamentlike strookproef-opbrengsresultate (ton/ha) in Noordwes.

Haal die kopkrap uit kultivarbesluite

VAN BLADSY 23



24



Figuur 5. Multi-jaar- gesamentlike navorsingsproef-opbrengsresultate (ton/ha) afkomstig van 'n totaal van 48 proewe by 11 lokaliteite wat gestrek het oor 'n tydperk van 4 jaar (2018 tot 2021).

Multi-jaar statistiese navorsingsproewe

Die data wat in die strookproewe uitgebeeld word, reflekteer ook die statistiese navorsingsproewe wat oor jare geplant word oor al die belangrike besproeiingsgebiede. Dit was veral in hierdie proewe waar SST 8205 uitgestaan het.

Om die kultivars se prestasie oor die lang termyn uit te beeld, word die data van die statistiese navorsingsproewe in **Figuur 5** geïllustreer. Die data is afkomstig uit 'n totaal van 48 proewe wat oor 4 jaar oor die hele besproeiingsgebied geplant is. Die data gee 'n goeie aanduiding van hoe stabiel en aangepas kultivars is.

Genetiese diversiteit vorm die hartklop van Syngenta se kringteelprogramme. Hoe groter die diversiteit wat beskikbaar is, hoe beter is die kans om nuwe en goeie kultivars suksesvol te ontwikkel en te kommersialiseer. Tydens die strook- en multi-jaarproewe word nuwe lyne uit die teelprogram geëvalueer om uiteindelik as kultivars vrygestel te word. ↗



Uitstekende besproeiingskoring kultivars

Renoster

Renoster se uitstaande kenmerk is dat dit veral gesik is vir produsente wat koring in minimum- of geenbewerkingstelsels plant, aangesien die kultivar 'n semi-dwerg, holstam koring is met 'n baie kort stingel en min vegetatiewe materiaal. Te danke aan sy kort lengte, val die variëteit ook nie om nie, wat 'n wesenlike probleem by hoë bemestingspeile kan wees. **Renoster** is 'n ultra-vinnige besproeiingskultivar met 'n baie hoë opbrengspotensiaal, wat besonders goed doen in die warmer besproeiingsgebiede, so wel as die Hoëveld- en koeler, sentrale besproeiingsgebiede. **Renoster** se agronomiese eienskappe wat o.a. hektoliter-massa, strooi-sterkte, aluminium verdraagsaamheid en uitloop-weerstand insluit, is baie goed. **Renoster** se siekteverstand vergelyk ook goed met dié van mededingende kultivars.

Koedoes

Koedoes is tans een van die vinnigste besproeiingskoring kultivars op die mark. Hierdie ultra-vinnige, holstam besproeiingskultivar beskik boonop oor 'n baie hoë opbrengspotensiaal en doen uitstekend in die warmer besproeiingsgebiede waar opbrengste van tot so hoog as 13 ton per ha, al behaal is. **Koedoes** doen ook uitstekend in die Hoëveld- en koeler sentrale besproeiingsgebiede. **Koedoes** verleen hom dus uitstekend tot die produsent wat nie lande kan laat oorlê nie en 'n wintergewas verlang wat 'n korter groeiperiode het. **Koedoes** se agronomiese eienskappe wat o.a. hektoliter-massa, strooi-sterkte, proteïeninhoud en uitloop-weerstand insluit, is baie goed. **Koedoes** se siekteverstand vergelyk ook goed met dié van mededingende kultivars.





Limagrain Zaad South Africa – die koringkoning

Limagrain Zaad South Africa bied aan boere die mededingende voordeel met produkte wat sakesukses verseker. Dit sluit koring in wat geskik is vir beide besproeiings- en somerreënggebiede.

Kies die regte kultivar

Deur die keuse van 'n voornemende kultivar uitsluitlik op graanopbrengs te baseer, kan tot verkeerde keuses lei – veral aangesien opbrengs en kwaliteit in baie gevalle negatief op mekaar inwerk. Die ideale kultivar moet dus oor hoë opbrengs, hektolitermassa, valgetal en graanproteïeninhoud beskik, wat 'n rol speel in die finale prys wat 'n produsent ontvang. Die produsent kan seker wees dat die kultivars wat hy by Limagrain Zaad South Africa koop aan hierdie vereistes voldoen.

Matlabas, die koringkoning van die Vrystaat, is die maatstaf wanneer dit by vroeë aanplantings in die Vrystaat kom. Wat opbrengs en kwaliteit betref getuig die langtermyn gemiddelde resultate van die Nasionale Kultivarevalueringssproewe hiervan. Matlabas behaal deurgaans uitstekende resultate in hierdie proewe en geen winterkoringpakket sal volledig wees daarsonder nie.

Met die besproeiingskultivars Koedoes en Renoster in die produsent se stal is hy reeds op die wenpad. Renoster en Koedoes het uitstekende agronomiese eienskappe. Albei is kortseisoenkultivars wat geskik is wanneer opvolggewasse vinnig in die grond moet kom. 'n Korter seisoen beteken ook minder besproeiing en sodoende waterbesparing. Altwee bied uitstekende staanvermoë en graankwaliteit.

Renoster, met sy kort strooilengte, is uiters geskik vir minimumbewerkingspraktyke, aangesien daar met die opvolggewas se planttyd baie minder plantreste is. Met vinniger kultivars is dit belangrik om besproeiing betyds te ontrek, aangesien besproeiing ná rypwording nadelig is vir die graankwaliteit.

Op soek na 'n mededingende multi-gewas-alternatief vir boerdery in Suid-Afrika? Besoek www.lgseeds.co.za vir meer inligting. ↵

Gemiddelde resultate oor die lang termyn toon dat Matlabas die maatstaf is van vroeë aanplantings in die Vrystaat.



Die kortseisoenkultivar Koedoes het uitstekende agronomiese eienskappe en plaas die produsent op 'n wenpad.

Foto verskaf.



Renoster, met sy kort strooilengte, is ideaal vir minimumbewerkingspraktyke. Die kultivar het uitstekende staanvermoë en graangehalte.

Foto verskaf.




Cereals Systems Portfolio

Gallant® SUPER

HERBICIDE

Still the reliable grass herbicide that offers you a solution for a wide range of grass weeds in leguminous pastures as listed on the label.



Kerb™ FLO 400 SC

HERBICIDE

Control of resistant Ryegrass and other grasses as listed on the label in canola, medics and lucerne.

Acanto® 250 SC

FUNGICIDE

A broad-spectrum fungicide from the strobilurin group which has systemic, translaminar and preventive properties and is vapour active. Control of diseases in barley and wheat such as Rusts (Yellow and Brown), Net or Speckled or Glume blotch and Powdery mildew. Acanto® 250 SC should be used in a tank mixture with Capitan® 250 EW (L6062) for control of these diseases. The addition of a non-ionic wetter to the Acanto® 250 SC plus Capitan® 250 EW tank mixture is recommended for optimal control.

Broadstrike® 800 WG

HERBICIDE

A safe broadleaf weed herbicide for the use in leguminous pastures as listed on the label, which will fit exceptionally well in with your crop rotation program.


FOR MORE INFORMATION CONTACT THE REGISTRATION HOLDER:

Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd Reg. No. 1967/007147/07 • Paarl +27 (0) 21 860 3620 • Centurion +27 (0) 12 683 5700 • Local Emergency No +27 (0) 82 895 0621 (SA only) • 24 Hour Emergency No +32 3 575 5555 • Maxwell Office Park, Magwa Building, Ground Floor, Magwa Crescent, Waterfall City, Midrand, 1686, South Africa • DuPont de Nemours South Africa (PTY) Ltd • Block B, 1st Floor, 34 Whiteley Road, Melrose Arch, South Africa.

ALWAYS USE AS PER LABEL RECOMMENDATION • Acanto® 250 SC contains picoxystrobin (strobilurin) (Cautious) | Reg. No. L8233 | Act No. 36 of 1947 • Broadstrike® 800 WG contains flumetsulam (Cautious) | Reg. No. L6180 | Act No. 36 of 1947 • Gallant® SUPER contains Haloxyfop-R Methyl Ester (pyridioxon phenoxy compound) (Caution) | Reg. No. L4962 | Act No. 36 of 1947 • Kerb™ FLO 400 SC contains propyzamide (Caution) | Reg. No. L4065 | Act No. 36 of 1947 • Quelex™ 200 WG contains Arylex® (halauxifen-methyl) and florasulam (Caution) | Reg. No. L10759 | Act No. 36 of 1947 • Tarzec® 320 WG contains Arylex® (halauxifen-methyl) and pyroxasulam (Caution) | Reg. No. L10760 | Act No. 36 of 1947 • ™ ® Trademarks of Corteva Agriscience and its affiliated companies. © 2021 Corteva.

Cereals Systems Portfolio

CORTEVA AGRISCIENCE™ OFFERS YOU THE
SOLUTION TO CROP PROTECTION IN YOUR
CEREAL SYSTEMS



Quelex™ 200 WG

Arylex® active

HERBICIDE

Quelex™ 200 WG controls broadleaf weeds by disrupting the normal plant growth patterns and/or by inhibiting production of the enzyme essential for production of normal plant growth.



Tarzec® 320 WG

Arylex® active

HERBICIDE

Tarzec® 320 WG is an innovative single pass post-emergence cross-spectrum herbicide in the Western Cape and the summer rainfall region with flexible application timing.

Control key weed species like common wild oats, brome grass, Cape weed, spiny emex, wild radish and more.

 **CortevaZA** on Facebook

 **CortevaAME** on Twitter

 **@Corteva** on Instagram

KORING, GARS, HAWER EN KANOLA SE MARKSITUASIE

Nico Hawkins en Sanet Naudé

SA GRAANINLIGTINGSDIENS

KORING

Internasionale en plaaslike vraag en aanbod

- **Tabel 1** toon die internasionale en plaaslike vraag na en aanbod van koring in vergelyking met die vorige produksiejaar.
- 'n Gemiddelde berekende plaaslike voorraad van 282 500 ton (2,1 maande of 63 dae) sal aan die einde van die seisoen beskikbaar wees.

Internasionale en plaaslike pryse

- **Tabel 2** toon hoe die jongste pryse van koring op die plaaslike en internasionale markte vir Maart en Mei 2022 se kontrakte gewissel het.
- Dit het \$43 per ton gekos (\$37 per ton in Februarie 2021) om koring van Argentinië af na Suid-Afrika te verskeep en \$39 per ton (\$27 per ton in Februarie 2021) van die Golf van Meksiko af (VSA koring).
- **Tabel 3** toon die invoerpariteitspryse gelewer van Durban af na Randfontein, van VSA HRW-, VSA DNS-, Argentyse Trigo Pan-, EU Duitsland en die Rusland Swartseekoring in vergelyking met 'n maand en 'n jaar gelede.

Invoer en uitvoer

Grafieke 1 en 2 toon die lande en hoeveelhede vanwaar koring ingevoer is, asook die lande waarheen heelkoring uitgevoer is.

GARS, HAWER EN KANOLA

'n Opsomming van die internasionale en plaaslike vraag- en aanbodsituasie ten opsigte van gars, hawer en kanola, in vergelyking met die vorige produksiejaar, word in **Tabel 4** saamgevat. ♀

Tabel 1: Internasionale en plaaslike vraag en aanbod vir koring.

Bemarkingsjaar	Internasional			Plaaslik		
	Projeksie 2021/22	% Verge- lyking A&B	Finaal 2020/21	2021/22 Progr. Okt - Des 2021	Projeksie 2021/22	% Verge- lyking C&D
	A	B	C	D		
Julie - Junie			Oktober - September			
(Miljoen ton)			('1000 ton)			
Oesskatting				2 209,3	4,2	2 120,0
Beginvoorraad	288,8	-2,4	296,0	467,4	467,4	28,1
Lewerings	778,6	0,3	775,9	1 965,9	2 169,3	4,4
Invoer	202,6	4,4	194,0	380,9	1 475,0	-2,8
Totaal:						
Verwerk ^{a)}	785,6	1,4	774,6	873,8	3 414,6	1,0
Uitvoer ^{b)}	204,4	0,9	202,5	46,5	119,0	0,4
Eindvoorraad	279,9	-3,1	288,8	1 873,0	583,6	24,9
						467,4

(a) Ingelusit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers

(b) Ingelusit heelgraan en produkte

Bronne: USDA, NLBR Vraag- en aanbodkomitee, SAGIS

Tabel 2: Die jongste pryse (1 Februarie 2022) en vorige pryse van koring op plaaslike en internasionale markte.

JSE	01/02/2022 Prys	% Maand op maand	03/01/2022 Prys	% Jaar op jaar	01/02/2021 Prys
	R		R		R
Maart 2022	5 887,00	-3,96	6 130,00	11,31	5 289,00
Mei 2022	5 920,00	-3,79	6 153,00	10,86	5 340,00

KCBT	01/02/2022 Prys	% Maand op maand	03/01/2022 Prys	% Jaar op jaar	01/02/2021 Prys
	\$		\$		\$
Maart 2022	288,88	-0,66	290,79	25,75	229,72
Mei 2022	289,98	-0,38	291,08	25,59	230,90

Bron: JSE Kommoditeite & KCBT

Tabel 3. Die invoerpariteitspryse van koring.

Pryse gelewer Durban na Randfontein	01/02/2022	% Maand op maand	04/01/2022	% Jaar op jaar	02/02/2021
	Prys		Prys		R/t
VSA Golf	6 979,88	-4,14	7 280,97	13,29	6 160,98
VSA DNS	7 396,16	-7,40	7 987,29	20,34	6 145,95
Arg. Trigo Pan	5 762,12	-6,91	6 189,54	-1,67	5 860,01
EU Duitsland	6 024,21	-7,93	6 542,78	-0,02	6 025,60
Rus. Swartsee	6 224,20	-8,02	6 766,87	-0,43	6 251,28

Bron: Internasionale Graanraad

Bronne: SAGIS, USDA, JSE, NOK, NLBR.


Tabel 4. Die internasionale en plaaslike vraag na en aanbod van gars, hawer en kanola.

Bemarkingsjaar Okt - Sep	Internasional			RSA (SAGIS)		
	Vooruitsigte 2021/22			Progressief 2021/22 Okt - Des 2021		
	Gars Mil ton	Hawer Mil ton	Kanola Mil ton	Gars '000t	Hawer '000t	Kanola '000t
Oesskattung				331,1	70,0	197,0
Beginvoorraad	21,5	2,9	6,0	335,6	34,2	17,3
Lewerings	147,1	22,7	69,3	322,9	48,6	196,5
Invoer	34,5	2,3	14,0	0,0	0,0	0,0
Aanwending ^(a)	151,8	23,3	71,4	115,4	15,1	32,5
Uitvoer ^(b)	34,1	2,4	13,8	7,1	0,0	0,0
Eindvoorraad	17,1	2,2	4,1	538,7	67,9	182,6


(a) Ingeluit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers

(b) Ingeluit heelgraan en produkte

Bronne: SAGIS, USDA



Figuur 1. RSA koringinvoer van 1 Okt 2021 – 28 Jan 2022 volgens oorsprong (ton).



Figuur 2. Koringuitvoer na Afrika van 1 Okt 2021 – 28 Jan 2022 (ton).



Verkoop van landbouumasjinerie kan afneem



Januarie 2022 se verkoopsyfers van trekkers en stropers is moontlik 'n aanduiding dat die voorafgaande twee jaar se opswaai in verkoop van landbouumasjinerie besig is om te verlangsaaam.

Volgens die SA Landboumasjinerievereniging (SALMA) se verkoopsyfers was trekkerverkoop van 559 eenhede in Januarie 2022 20% meer as die 465 eenhede van Januarie 2021. Stroperverkoop van vier eenhede is een eenheid minder as die vyf eenhede wat verlede Januarie verkoop is.

SALMA se vroeë beramings vir die 2022-kalenderjaar is dat trekkerverkoop soortgelyk gaan wees aan verkoop in 2021, terwyl stroperverkoop ongeveer 10% minder sal wees as verlede jaar.

Trekkerverkoop van 660 eenhede in Desember 2021 was byna 44% meer as die 460 eenhede wat in Desember 2020 verkoop is. Stroperverkoop van 18 eenhede was 15 eenhede meer as die drie eenhede wat in Desember 2020 verkoop is.

Sowel 2020 as 2021 was goeie landboujare vir Suid-Afrika. Groter oeste van somergraan, wintergraan en oliesade het saamgeval met hoër kommoditeitspryse, wat produsente se finansies bevoordeel het.

Wanneer 2019 se verkoopsyfers van landbouumasjinerie met 2020 en 2021 vergelyk word, gee dit 'n aanduiding van hoe goed sake verloop het. In 2020 was trekkerverkoop van 5 738 eenhede 9% meer as in 2019. Stroperverkoop was 184 eenhede, wat 29% meer was as in 2019.

In 2021 is 7 680 trekkers verkoop, 26% as in 2020. Stroper-

verkoop het met 46% toegeneem toe 268 eenhede verkoop is.

Produsente se finansiële posisie bevoordeel verwante landboubedrywe, soos die mark van landboumasjinerie. Pryse wat produsente vir hul groter oeste ontvang het, is bevoordeel deur internasionale kommoditeitspryse.

Aan die negatiewe kant van die komende seisoen se oeste en produsente se finansiële posisie, is die hoër koste van insetmiddele, wat ook deur internasionale prysbeleid bepaal word.

Pryse van kunsmisgrondstowwe en chemiese middels het baie gestyg en so ook die koste van skeepsvragvervoer, gas- en oliepryse.

Produsente kon na moeilike landbouseisoene voor 2020 hul masjinerie vervang en upgradeer, wat meebring dat minder masjinerie in 2022 vervang moet word. Die stygende prysbeleid van insetmiddele en energie kan daarby bydra dat verkoop van landboumasjinerie nie so goed sal wees as in 2020 en 2021 nie. ♦

* Sommige statistiek in hierdie artikel is ontleen aan syfers wat deur Wandile Sihlobo, die Landbousakekamer Agbiz se hoofekonom, gerapporteer is. *Koringfokus / Wheat Focus* gee graag erkenning hieraan.

Tabel 1. Verkoop van landboumasjinerie in Januarie 2022.

	Januarie		% verander	Jr tot datum Januarie		% verander
	2022	2021		2022	2021	
Trekkers	559	465	20,2	559	465	20,2
Stropers	4	5	-20,0	4	5	-20,0

Bron SALMA.

SÓVEEL PRODUKTE UIT KORING VERVAARDIG



Sanet Naudé en Nico Hawkins

SA GRAANINLIGTINGSDIENS

Koringmeel

Vanaf 1 Oktober tot 31 Desember 2021 (2021/22-bemarkingseisoen) is:

- 875 954 ton heekoring vir die drie maande gemaal;
- 695 584 ton koringmeel vir menslike verbruik vervaardig;
- 6 913 ton koringprodukte ingevoer en 4 842 ton uitgevoer.
- **Tabel 1** (kolomme B en C) toon die hoeveelhede vir die ooreenstemmende tyd van die vorige jaar.

Panbrood

- Vir die tydperk van drie maande is 593,1 miljoen panbrode gebak (0,14% minder as in dieselfde tydperk van verlede jaar). Dit is 197,7 miljoen brode per maand of 45,6 miljoen brode per week.
- **Tabel 2** (kolomme B en C) toon die hoeveelhede vir die ooreenstemmende tyd van die vorige jaar.
- **Figuur 1** toon die totale getal tipe brode vervaardig en **Figuur 2** toon die totale getal brode per gewig.

Volgens Statistieke SA het 'n witbrood van 700 g in Desember 2021 R15,46 gekos. Dit is 1,64% duurder as in Desember 2020, terwyl 'n bruinbrood van 700 g R13,97 gekos het, wat 1,20% goedkoper is as 'n jaar gelede.

Koekmeel (2,5 kg) het R30,98 in Desember 2021 gekos, wat 5,48% duurder is as in Desember 2020. Broodmeel (2,5 kg) het R35,13 gekos wat 6,39% duurder is as in Desember 2020.


Meer inligting kan op SAGIS se webtuiste verkry word by: www.sagis.org.za/products. ☺

Tabel 1. Koringprodukte per maand vervaardig.


Rapportering volgens heelgraan-bemarkingseisoen: Okt - Sep	2020/21 Okt '20-Sep '21 (12 maande)	2020/21 Okt - Des '20 (3 Maande)	2021/22 Okt - Des '21 (3 Maande)	% Jaar op jaar
	(A)	(B)	(C)	
Vervaardig (ton)				
Koekmeel	996 325	272 539	265 964	-2,4
Bruismel	18 302	5 689	4 987	-12,3
Witbroodmeel	1 248 539	319 254	320 850	0,5
Bruinbroodmeel	310 161	88 587	70 818	-20,1
Ander meel (Industrieel)	116 786	34 587	30 522	-11,8
Volkoringmeel	6 706	1 737	1 242	-28,5
Semels	680 402	187 456	176 641	-5,8
Semolina	4 537	1 286	1 201	-6,6
Totaal produkte	3 381 758	911 135	872 225	
Totaal heekoring gemaal	3 374 733	911 858	875 954	

Tabel 2. Pangebakte brode.

	2020/21 Okt '20-Sep '21 (12 maande)	2020/21 Okt '20 (1 maand)	2021/22 Okt '21 (1 maand)	% Jaar op jaar
	(A)	(B)	(C)	
Eenhede				
Witbrood	1 160 063 932	286 161 014	295 367 535	3,22
Bruinbrood	1 182 747 637	300 895 779	291 024 317	-3,28
Heelgraan	25 645 688	6 514 166	6 351 930	-2,49
Ander	1 282 138	347 847	333 595	-4,10
Groottotaal	2 369 739 395	593 918 806	593 077 377	-0,14



Figuur 1. Eenhede pangebakte brood volgens soort, Okt 2021 – Des 2021.



Figuur 2. Eenhede pangebakte brood volgens gewig, Okt 2021 – Des 2021.



Optimise the control of Ramenás through key characteristics

General

Ramenas (*Raphanus raphanistrum*) is part of the Brassica family or mustard species and originally came from North West Europe and Asia. Raphanus in Greek means “fast appearance” which is an apt description of this problem weed.

Identification

The following photos reflect the different characteristics of Ramenás at different stages.



Photo 1: Ramenás seedling in cotyledon stage

Photo 2: Ramenás seedling with first two true leaves

Photo 3: Ramenás seedling 3.5 leaf stage

Photo 4: Ramenás seedling 6 leaf stage

Photo 5: Ramenás flower

Photo 6: Ramenás pod

Properties and Characteristics

The characteristic that makes Ramenäs a successful weed is that the plant has a very adaptable life cycle with high genotypic variations. The plant produces many seeds. These seeds are persistent due to dormancy with an elongated germination. The plant is also a fast grower and is thus a strong contender where it appears (see Table 1). Seeds spread easily in hay, chaff and grain and are in certain instances toxic to animals.

Green pods in the presence of seed can also have allelopathic effects. Ramenäs can serve as a host plant for insects and diseases. Most of the Ramenäs seed are dumped before harvest. Resistance against certain herbicide groups like Group B (Sulfonylureas) is already known and recorded.

Ramenäs is mainly a winter weed. Because soil disturbance will benefit germination, Ramenäs is less likely to appear in undisturbed fields and pastures. Ramenäs occurs in all types of soil, but is optimal in acidic soils with high nitrogen levels.

TABLE 1: Influence of Ramenäs population density on % crop yield loss (Cheam 2005; Hashem, Wilkins & Piper 2001)

Ramenäs plant density (plants/m²)

	<u>2 - 4</u>	<u>10</u>	<u>25</u>	<u>50</u>	<u>64</u>	<u>75</u>
Wheat		7%	20%	37%		56%
Canola	11%				91%	
Lupine	15%	28%	56%	81%		92%

Biological characteristics of Ramenäs

Seed dormancy

Up to 70 % of Ramenäs seed will still be dormant at the start of the cereal planting season due to the pod surrounding the seed (see photo 6). Flower colour is also associated with dormancy. Plants with a yellow flower normally produce less dormant seeds than plants with rarer white or purple flowers. Early germinators produce more dormant seed than late germinators. Seed can stay viable in the soil for six years and even more in undisturbed deeper soil layers.

Germination and emergence

Approximately 6% of seed normally germinate in early autumn, while the majority (73%) germinate late autumn/early winter. The remaining 21% germinate late winter/early spring.


Germination can take place between 5 °C - 35 °C, with optimal temperatures between 20 °C and 25 °C.

Flowering period

Ramenäs begins flowering from 4 - 12 weeks after emergence. Pollination takes place through bees and therefore gene transmission can take place over long distances.

Seed production and distribution

One plant can produce up to 292 seeds. Seed distribution can take place via agricultural products like grain and hay, as well as vehicles, livestock, wind and water. The seed pod breaks at the narrowings in the pod during the harvest process which could lead to dormancy.



Control of Ramenás

The main goal should be to minimise the seedbank in the soil. If chemical options are used, make sure you alternate products with different modes of action or use a combination of products with different modes of action to combat possible resistance.

Use herbicide tolerant cultivars like triazine-tolerant canola and pre-planting sprays where feasible. Also make use of late post-emergence herbicides which is applied at the flowering of Ramenás to prevent the production of viable seed (Table 2).

TABLE 2:
Embryo stage and viability (Cheam et al 2005)

Developmental stage		% Viability
1	Early flowering, pod development, thin pods	0
2	Mid-flowering, pod filling, well-formed but watery pods	4
3	Embryo formation on seed within watery pods, or embryo already present	65
4	Late flowering, woody pods, green developing embryos present	90

Shallow tillage (1-2 cm) after first rains promotes germination, while the burial of seed deeper than 10 cm will decrease germination by 61% (Table 3).

This principal can be applied by for example doing shallow tillage every two years to promote weed germination and then to establish pastures (lucerne).

TABLE 3:
Influence of tillage on Ramenás plant density (Cheam & Code 1988)

Tillage	Ramenás density (Plants/m ²)
Plow	90
Direct planting	207
Disk tillage	323



How can the above characteristics be applied in possible strategies to control/manage Ramenans?

Dormancy

- // Dormancy can be broken by light tillage of 1 - 5 cm to stimulate germination, so that pre-plant sprays could be applied.
- // After harvest grazing could be used to break the pods, and to dig the seeds into the soil, so that germination can take place after the first rain where after pre-plant sprays come into play again.
- // Target early germinating Ramenans with chemical control, because these plants are more likely to produce dormant seeds.

Extended germination

- // This characteristic can be addressed by making the correct crop choice. Plant lupines or TT canola where residual products can be used.

Viability

- // Sprays during early flowering of Ramenans (Table 2) could negatively affect the viability of future seed. Before considering such an application, one needs to consult an expert as the potential products could also have a negative effect on the crop if sprayed at the wrong stage.

Other possible practices

- // Gathering of seed or destruction behind the harvester like in Australia.
- // Burning of chaff rows.
- // Tillage practices.
- // Silage crops where everything on the field is removed for silage. Spray possible regrowth or new germination with contact products.
- // Green/brown manuring.

Chemical control

- // **Resolve®** from **Bayer** is registered on cereal for the control of broad leaf weeds like Ramenans.
- // The different herbicide group codes (F2, C3 and M) reduces the chance of resistance against the product.
- // **Resolve®** has a fast knockdown effect so as to quickly eliminate competition for the cereal crop.



Bayer (Pty) Ltd. Reg. No. 1968/011192/07

27 Wrench Road, Isando, 1601

PO Box 143, Isando, 1600,

Tel: +27 11 921 5002

www.cropscience.bayer.co.za

www.bayer.co.za

Resolve® Reg. No. L8708 (Act No. 36 of 1947).

Resolve® contains Pyrasulfotole, Bromoxynil and Mefenpyr-diethyl (Harmful).

Resolve® is a registered trademark of **Bayer** AG, Germany. Use strictly according to instructions on label.

Facebook: Bayer Crop Science Division Southern Africa // Twitter: @bayer4cropssa

08/2020



Summary

Any control practice should be aimed at minimising the seedbank. By knowing more about the weed's characteristics, a combination of control measures could be applied to control Ramenans.

Delivery of imported wheat from the Baltic countries approved by JSE

A request from the South African Cereals and Oilseeds Trade Association (SACOTA) to approve the delivery of Lithuanian, Latvian and Polish wheat against short wheat contracts was approved by the JSE Commodity Derivatives Market (CDM).

According to the SACOTA Secretariat, as posted on their website, the JSE has officially approved the request on 25 January 2022, effective 1 October 2022, at the start of the new marketing season. An R100/ton quality origin deduction will apply, as with some other imported wheat.

Imported wheat from various origins has been approved for delivery on CDM futures contracts for many years. This includes the obvious destinations such as the US, Canada, Germany, Australia and Argentina, and Russia and Ukraine.

After initially importing from the first five countries, imports several years ago were switched to mainly Russia and Ukraine. However, once again, there have been a change, and lately, most

Russia-Ukraine war

The stoppage of grain exports out of Ukraine was confirmed as the country said all ports will be closed until the end of the Russian invasion, though there is a chance that supplies for the next season out of both Ukraine and Russia could also be in jeopardy pending the outcome of the war. Spring grain planting is right around the corner for both countries, most importantly corn for Ukraine and spring wheat for Russia, and it is unclear whether the ongoing conflict will impact production either physically or economically. Source: Agbiz e-Newsletter 3 March 2022

imports originate from the Baltic countries, namely Lithuania, Latvia and Poland.

The Southern African Grain Laboratory (SAGL), which analyses the quality of imported wheat, has confirmed that the quality is equal and better compared to other imported wheat of the same category.

For this reason, SACOTA, towards the end of last year, requested the JSE CDM to approve the delivery of Lithuanian, Latvian and Polish wheat against short wheat contracts.

SACOTA is the most prominent association of trading members operating within South Africa and the SADC region. Its vision is to be a significant, influential and respected force in the Southern African grain and agricultural sector by expanding

its activities and proactively raising awareness amongst key role-players including governments, traders, financial institutions, producers, processors, millers and NGOs. ¶

Industry warns against new regulatory approach

A request South Africa's decision to regulate all products derived from new breeding technologies (NBTs) as genetically modified organisms (GMOs) will have widespread implications, not only in South Africa and on South African innovators, but also with regards to international trade of commodities that may contain products derived from NBTs.

In a joint statement, the agricultural business chamber AGBIZ, the seeds regulator SANSOR and Croplife SA, said asymmetric regulation may cause food insecurity and create significant barriers between South Africa and its trading partners.

"The current regulatory approach for NBTs will also discourage the development and uptake of the technology by all actors in the South African innovation and research space, including South African-owned seed companies, public and academic sector research organisations and small to medium-sized innovation enterprises."

In October 2021, the national department of agriculture, land reform and rural development (DALRRD) announced that a diverse and evolving group of products derived from new breeding technologies will be evaluated under the risk assessment framework that exists for genetically modified organisms under the Genetically Modified Organisms Act, 1997 (Act 15 of 1997, GMO Act).

At the end of November 2021, the agricultural industry lodged an appeal under section 19 of the GMO Act, particularly in support of the South African bioeconomy and local innovation, and is looking forward to furthering communication regarding the next steps in this process.

According to the objectors, the decision will risk the ability of South African farmers to access the latest innovative technologies that could further enable them to sustainably produce food with minimal environmental impact, as well as denying consumers access to better

end-products.

"It is also important to consider that companies who wish to supply products derived from NBTs in South Africa will have to incur additional costs to access the South African market. At worst, international suppliers may bypass South Africa due to time delays and additional regulatory and registration costs.

"While we differ from the decision regarding the regulatory approach for NBTs in South Africa, SANSOR and the broader industry remain committed to engaging with the relevant decision-makers and government departments to create a regulatory environment that promotes innovation and competitiveness, whilst addressing any potential risks in an evidence-based manner.

"As an industry, collective we view the department (DALRRD) and all relevant regulators as critical partners in this process and look forward to working closely to find a mutually acceptable solution." ¶



Duett® Star-swamddoder vir siektebeheer in kleingraan

Wanneer swamsiektes plante bedreig, kan kleingraanprodusente staat maak op Duett® Star – BASF se jongste swamddoder met uitnemende werkverrigting om die swam in sy spore te stuit.

Duett® Star is 'n veelsydige swamddoder met registrasie vir 'n verskeidenheid gewasse, onder meer koring, gars en mielies. Die produk het sy doeltreffendheid in koring en gars bewys vir die herhaalde en buitengewoon effektiewe beheer van die belangrikste swamsiektes, soos bruinroes, streeproes, stamroes, poeieragtige meeldou, vaalblaar en bruinaarsiekte in koring asook blaarvlek, netvlek en bruinblaarroes in gars.

Hierdie siektes kan tot groot opbrengsverliese bydra indien dit nie doeltreffend beheer word nie. BASF se swamddoder speel met swamsiektes klaar voordat hulle versprei en die oes-opbrengste op die spel plaas. Om swaminfeksies te voorkom moet die produk verkieslik voorkomend toegedien word. Vroeë infeksie sal deur 'n Duett® Star-bespuiting beheer word om verdere siekte-ontwikkeling te verhoed, ondanks die gewas se groeistadium.

Maar hoe werk hierdie produk? Dit is 'n suspo-emulsiesistemiese swamddoder met twee aktiewe bestanddele, naamlik fenpropimof (morpholien-verbinding) en epoxiconazole (triasool-verbinding) wat drie biochemiese reaksies in die metabolisme van die swam teiken, vir doeltreffender beheer.

Die besondere kombinasie van aktiewe bestanddele ondersteun optimale opname in die plant, wat die geteikende swam doeltreffend bereik en beheer. Vinnige werking word bewerk-

stellig deur die fenpropimorf wat vinniger binne die blare beweeg en gevvolglik as 'n benatter optree, asook as draer vir die epoxiconazole, wat op sy eie stadiger na die teikenswam beweeg.

Die mengsel van twee aktiewe bestanddele in een produk maak volgehoue beheer moontlik en onderskryf gevvolglik ook gesonde praktyke teen weerstandbestuur. Verder beskik Duett® Star oor 'n nawerking van tot 35 dae vir verdere beskerming indien dit nodig sou wees. Ná toediening verhoed dit dat siektes wat reeds teenwoordig is, verder versprei en dit beskerm die plant teen her-infeksie gedurende warm en kool toestande. Op dié wyse kan gesonde groen blare voldoende energie produseer vir doeltreffende graanvulling en gevvolglik dra dit tot 'n beter oesopbrengs by.

In situasies met hoë sieketedruk bied Duett® Star die ideale opvolgbespuiting tot Ceriax®- of Abacus® Advance-behandelings vroeër in die seisoen. Dit bied beskerming vir plante gedurende die hele graanvultydperk. Op die manier word produsente se risiko tydens die seisoen verlaag omdat risikofaktore saam met doeltreffende landboubesturspraktyke verminder word. Gevolglik is Duett® Star daar om die produsente se belegging te beskerm, sodat hy die wins in sy sak kan steek. ¶

Duett® Star – Stuit die opvlam van swamsiektes in koring en gars.

Duett® Star Reg. Nr L10958 Wet Nr 36 van 1947. Aktiewe bestanddele: Fenpropimorph 250 g/l. Epoxicconazole 84 g/l. Skadelik.
BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk • Sestiendestraat 852, Midrand, 1685 • Posbus 2801, Halfweghuis, 1685 •
Tel: +27 11 203 2400 • Faks: +27 11 203 2461 • Webblad: www.agro.bASF.co.za • Mobiele webblad: m.agro.bASF.co.za.
Duett® Star is 'n geregistreerde handelsmerk van BASF.



Duett® Star

Stuit die opvlam van swamsiektes.



We create chemistry

Wanneer swamsiekte jou plante bedreig, kan jy staatmaak op **Duett® Star** – BASF se jongste swamdoder met uitmuntende **werkverrigting** om die swam in sy spore te stuit.

Die kombinasie van twee sistemiese aktiewe bestanddele, fenpropimorph en epoxiconazole, beheer die swam op drie verskillende stadiumse van die swam se metabolisme wat effektiewe weerstandbestuur verseker. **Duett® Star** lewer buitengewone beheer van die belangrikste siektes in mielies en kleingrane.

Voordele:

- Ondersteun optimale opname in die plant om die teiken meer doeltreffend te bereik.
- Uitstekende gewasbeskerming gedurende beide warm en koel weerstoestande.

Duett® Star – wees bedag op die tekens!

NOU!

GAAN ONS BOER

BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk • Sestiedeweg 852, Midrand, 1685 • Posbus 2801, Halfweghuis, 1685 • Tel: +27 11 203 2400

Faks: +27 11 203 2461 • Webblad: www.agro.bASF.co.za • Mobiele webblad: m.agro.bASF.co.za

Duett® Star Reg. Nr. L10958 Wet Nr. 36 van 1947. Aktiewe bestanddele: Epoxiconazole 84 g/l. Fenpropimorph 250 g/l. Skadelik.

Duett® Star is 'n geregistreerde handelsmerk van BASF.

Fire insurance: An investment in a sustainable farming future



The current good summer rainfall over several provinces have resulted in the rapid growth of brush and grass, posing an even greater risk of veld fires during 2022. Historically, the fire season in the central interior of the country usually starts in June or July, but due to the La Niña weather phenomenon and good rainfall, it already started in April 2021.

Environmental factors such as changing weather patterns and expanding human settlements mean landowners are dealing with more fires on a daily basis than in the past, says Emil Pretorius, segment solutions at Santam Agriculture. These fires are often more extensive and devastating than similar events a decade ago.

There are few things that farmers dread more than that column of grey-white smoke appearing on the horizon on a dry, windy day. Not only do fires cause severe damage to property, agriculture equipment and farming infrastructure, it almost always lead to loss of assets, livestock, crops and natural veld and grazing pastures.

According to Mr Pretorius, the issue of liability can be of greater risk to the future sustainability and livelihood of a farmer. Should a fire break out on his land and spread to neighbouring farms, the landowner or tenant can be held liable for any loss or damages caused to surrounding properties.

For this reason, fire insurance should be a key consideration in any farmer's risk management strategy.

"There is a general perception that fire insurance is expensive - but that is not true at all. It can be your biggest mistake not to insure your assets or your

liability against the risk of fire," he says. "Fire insurance is an investment in the future sustainability of your farm, and a non-negotiable when it comes to safeguarding your legacy."

He said a farmer needs to pay special attention to liability cover, especially regarding the spread of fire by making sure that the cover is indeed included. For total peace of mind, farmers should consider an extension on the liability section to act as a safeguard for claims exceeding the general limit.

"If the affected parts of fire incidents are to be declared disaster areas, the state will simply not have the ability to assist farmers," says Ms Andrea Campher, risk and disaster manager at Agri SA. "Due to bureaucratic red tape, disaster relief will not be delivered on time because state resources are under pressure due to the COVID-19 pandemic."

Compliance with legal requirements

The Veld and Forest Fires Act (Act 101 of 1998) stipulates a number of legal requirements that all landowners must comply with in terms of managing the risks of fires. One is that they are obligated to make firebreaks and maintain these properly to prevent the spread of wildfires. Violation of the law may result



in a landowner being obliged to pay for the damage caused by the fires.

Proper training must also be provided to all employees, as well as access to proper fire equipment and protective clothing must be ensured. A dedicated person should be tasked with the responsibility to take the lead in any fire related incidents, including alerting the neighbours and the FPA.

Santam Agriculture encourages farmers to join their local Fire Protection Association (FPA) as a first step towards managing the risks of veld fires. Given the increased risk management and legal advantages that an FPA membership offers, Santam is rewarding FPA-member clients with more competitive premiums and excess payment incentives.

Tips to be better prepared for the 2022 season

- Learn to recognise the weather conditions associated with high fire hazard. These include high temperatures, wind speed and direction as well as humidity.
- Get tech savvy: Satellite-based fire information tools such as the Advanced Fire Information System (AFIS) provide real-time fire information.
- Limit the use of potentially hazardous machinery and equipment in the veld in high fire risk conditions.
- Be extra vigilant and be prepared. ↗



My Farm Our Future

SCAN TO
WATCH THE
FULL STORY
[HTTPS://BIT.LY/39AB08S](https://bit.ly/39AB08S)



Tarzec® 320 WG

Arylex® active

HERBICIDE

 [CortevaZA](#) on Facebook

 [CortevaAME](#) on Twitter

 [@Corteva](#) on Instagram

TAKE BACK CONTROL OF WEEDS WITH THIS INNOVATIVE SYSTEMIC AUXIN-TYPE HERBICIDE


Tarzec® 320 WG is an innovative single pass post-emergence cross-spectrum herbicide in the Western Cape and the summer rainfall region with flexible application timing.

Control key weed species like common wild oats, brome grass, Cape weed, spiny emex, wild radish and more.

FOR MORE INFORMATION CONTACT THE REGISTRATION HOLDER: Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd Reg. No. 1967/007147/07 • **Paarl** +27 (0) 21 860 3620
Centurion +27 (0) 12 683 5700 • **Local Emergency No** +27 (0) 82 895 0621 (SA only) • **24 Hour Emergency No** +32 3 575 5555 • Maxwell Office Park, Magwa Building, Ground Floor,
Magwa Crescent, Waterfall City, Midrand, 1686, South Africa.

ALWAYS USE AS PER LABEL RECOMMENDATION • Tarzec® 320 WG contains Arylex® (halauxifen-methyl) and pyroxasulfam (Caution) | Reg. No. L10760 | Act No. 36 of 1947 • ™ ® Trademarks of Corteva Agriscience and its affiliated companies. © 2021 Corteva.

We back you with
CROP PROTECTION



Gaucho® 600 FS is a systemic insecticidal seed dressing for the control of soil insects and sucking pests in maize, wheat, sunflower, sorghum and cotton. For more information download the **Bayer** App, **BayerCropSA**.

Gaucho® provides:

- // Very good control levels.
- // Seed a strong start to germinate well.
- // Proven reliable seed protection.

Let's talk ...

| @Bayer4Crops

Bayer (Pty) Ltd. Reg. No. 1968/011192/07
27 Wrench Rd, Isando, 1601.
PO Box 143, Isando, 1600.
Tel: +27 11 921 5002
www.cropscience.bayer.co.za // www.bayer.co.za

Gaucho® Reg. No. L7849 (Act No. 36 of 1947). Gaucho® contains Imidacloprid (Harmful). Gaucho® is a registered trademark of Bayer AG, Germany. Use strictly according to instructions on label.